UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# DEEL 3:

# 'N TRINITARIESE BEGRONDING VAN DIE MISSIONêRE-DIAKONAAT.

Noudat daar duidelikheid is oor die begrip Missionêre Diakonaat, sal dit begrond word in die Drie-eenheid: Vader, Seun en Gees.

**Hoofstuk 5.**

In hierdie hoofstuk word die Missionêre Diakonaat in die wese / dade / selfopenbaring van die Vader begrond. Dit gaan om sy sending. Hy stuur die Seun, die Gees, die Kerk na die wêreld, vanuit 'n hart vol barmhartigheid. Dit gaan dus nie net om sy volk nie, maar die hele wêreld (mens, dier, skepping) wat met Hom versoen moet word. Die Vader is die bron, die oorsprong en die vervulling van Missionêre Diakonaat.

**Hoofstuk 6.**

Jesus Christus as die gestuurde is die unieke openbaring van God. Met woord en daad verkondig Hy. Die een kan nie sonder die ander nie. In sy koning-wees, priester-wees en profeet-wees is Missionêre Diakonaat sentraal. Jesus Christus is die model van die Missionêre Diakonaat, Hy het dit vir ons kom verkondig en kom voorleef.

**Hoofstuk 7.**

Ook die Heilige Gees is belangrik vir die Missionêre Diakonaat. In die hoofstuk sal veral gekyk word na die werk van die Heilige Gees met betrekking tot die Missionêre Diakonaat. Dit is die Gees wat heelmaak, troos, tot geloof roep, die geloof werk, vernuwend werk. Dit is die Gees wat die gawes gee. Dit is die Gees wat die nuwe hemel en die nuwe aarde tot stand bring. Die Gees is die skepper en die bemagtiger van die Missionêre Diakonaat.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 5

# GOD DIE VADER, BRON, OORSPRONG EN VERVULLING VAN MISSIONêRE DIAKONAAT

## 1. INLEIDING

Wanneer in hierdie hoofstuk oor God as Vader gepraat word, kan dit nie anders gedoen word as aan die hand van God se handelinge nie. Daar sal ook nie gepoog word om 'n dogmatiek te skryf oor God nie. Hier sal alleen aandag gegee word aan daardie handelinge van God wat sekere eienskappe van God as Vader sal blootlê met betrekking tot die Missionêre Diakonaat. Wanneer in hierdie hoofstuk na God verwys word, handel dit rondom die Vaderbeeld van God. Hier sal dan ook veral op die Ou Testament gefokus word om so ver moontlik oorvleueling te voorkom, want die Vader sit sy werk voort deur die Seun Jesus Christus, en die Heilige Gees. Die werk van die Drie-Enige God kan wel onderskei word, maar nooit van mekaar geskei word nie.

## 2. GOD: ONS VADER

### 2.1 Ons Vader wat vir ons sorg

God is te groot om oor te praat, daarom kan alleen oor God gepraat word in terme van beelde. Jesus kom leer ons dat God ons Vader is, dit is hoe Hy wil hê dat daar oor God gedink moet word. Daarmee wil Jesus by gelowiges vertroue en sekerheid kom skep in hulle verhouding met die Vader. Hy wil hierdie verhouding met die Vader kom aandui as naby, intiem, en sag. Hy wil dat ons verborge, veilig, en versorg voel by die Vader (Burger1997:15).

Wanneer God Vader genoem word, impliseer dit dat Hy sorg en wil sorg soos wat aardse vaders veronderstel is om te sorg. Dit is belangrik om te weet, dat die Skepping, die wêreld, 'n Vader het wat sorg. Jesus het telkens met die dissipels gepraat oor God se sorg. Matt 6:8 "... julle Vader weet wat julle nodig het...", Matt 6: 30 "As God dan die gras van die veld ... versier, hoeveel te meer sal Hy dan nie vir julle sorg nie ...", Matt 6:31-32 "Julle moet julle dus nie bekommer en vra: Wat moet ons eet of wat moet ons drink of

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat moet ons aantrek? nie … Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het." Die Vader sorg nie net vir ons geestelike behoeftes nie, maar ook vir die behoeftes van elke dag.

In die Ou Testament word God se sorgsameVaderskap met beelde omskryf.

- Deut 1:31 Hy is 'n Vader wat sy kinders dra "soos 'n man sy seun dra".
- Deut 32:10 Hy is 'n Vader wat sy kinders "vertroetel en versorg soos die appel van sy oog".
- Hos 11:1-4 Hy is die Vader wat sy kinders liefhet. Hy leer hulle loop, dra hulle op sy arms, lei hulle "met sorg en liefde", gee hulle gereeld kos.
- Hos 11:8 Hy is die Vader wat sy straf bedwing, uit liefde vir sy kinders. "Ek kan dit nie oor My hart kry nie. My liefde brand te sterk".
- Ps 103:8, 13 "Lankmoedig en genadig is die Here … vol liefde … Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor die wat Hom dien".

Die Vader sorg, Hy maak voorsiening vir sy kinders, nie net vir hulle nie, maar vir die hele wêreld. So omvattend is sy sorg dat 'n paar plekke selfs na God verwys as moeder (Jes 66:13; 49:15; Ps 131:2). Die Vader se sorg beteken dat ons veilig is, al loop alles ook verkeerd, want ons het 'n Vader wat ons gered het van die ewige dood en dit is onomkeerbaar (Burger 1997:19-20).

**2.2 Ons Vader wat ons liefhet**

Dit is belangrik om te verstaan dat liefde groter is as sorg. Nie almal wat vir mense sorg, is noodwendig vir hulle lief nie. Die Vader se liefde vir sy skepping is nie maar 'n algemene liefde nie, maar sy liefde toon besondere eienskappe wat dit spesifiek en uniek maak (vgl Burger 1997:24-32).

- God se liefde is genadig. Dit is onverdiend. God se liefde word nie deur die mens ontlok nie, maar het sy oorsprong in God self. Hy het die skepping, die mens, die wêreld lief, nie oor wat ons is nie, maar oor wat Hy is. Hierdie genadige liefde van God maak dat die mens in die middel van sy lewe weer voor kan begin.

- God se liefde is omvattend. Die Vader gee sy liefde vir goeies, maar ook vir slegtes (Matt 5:45). Hy wil God en Vader wees vir almal, vir die uitgeworpenes, die sondaars, die randfigure, die veragtes, die armes en die geringes. Dit is wat God se liefde so uniek maak. Hy het vir ons gesterf "terwyl ons sy vyande was" (Rom 5:6-8). Daarom verwag God ook van gelowiges, as nuutgemaakte mense, om deur sy liefde hulle vyande en alle ander mense lief te hê.

- Die Vader se liefde is vrymakend. Israel se unieke identiteit tussen die oosterse volke het saamgehang met die bevryding uit Egipte. Dit was hoe hulle God leer ken het, as 'n God wat verlos en bevry. Dit is ook die manier waarop Jesus oor Homself en oor die Vader praat (Joh 8:36). So kom getuig ook die Gees van die Vader saam met ons gees dat ons kinders van God is (Rom 8:15-16).

- Die Vader se liefde het 'n prys gekos. God het ons wat ver was, naby aan Hom gebring, maar dit het Hom sy bloed gekos (Ef 2:13-14). Wanneer ons die liefde van God wil verstaan, moet ons na die kruis kyk, want deur die kruis het die Vaderhuis oopgegaan vir elkeen wat wil ingaan.

- Die Vader se liefde het 'n plan. 'n Planlose lewe, waarin mense sonder enige verantwoordelikheid net verbruik, gaan alle mense en die planeet se einde beteken. Liefde wat maar net alles toelaat, liefde sonder wil of plan is geen liefde nie. Daarom is die Vader se liefde 'n heilige en jaloerse liefde. Hy het ons gemaak. Hy weet wat ons kan wees en kan doen. God is jaloers op die plan vir ons lewe en wil dat ons daarby sal uitkom.

God die Vader is 'n Persoon wat kan voel, Iemand met 'n hart.

### 2.3 Ons Vader: die Almagtige

Die Bybel praat oor God die Vader as die Almagtige. Dit beteken nie dat die Vader die enigste een is wat handel in hierdie lewe nie. Die Vader het aan die mense wat Hy gemaak het, 'n baie groot mate van vryheid en verantwoordelikheid gegee. Dikwels word

hierdie vryheid en verantwoordelikheid deur die mens misbruik tot sy eie nadeel. Dan word die gevolge voor die deur van die Vader gelê, want Hy is mos almagtig. Juis om hierdie rede praat Hendrikus Berkhof van God se mag as 'n "weerlose" mag. Want op die manier wat die Vader sy mag uitoefen, stel Hy Homself oop vir seerkry, is Hy self verwondbaar en kwesbaar. Hierdie "weerloosheid" van die Vader het te doen met die manier waarop Hy toelaat dat sy teenstanders teen Hom in opstand kom en die wyse waarop Hy hulle reaksie teenoor Hom aanvaar en ondergaan (Burger 1997:35-44).

Die vraag is nou wat die Vader sal toelaat voordat Hy ingryp. Hier kan slegs twee Bybelse beginsels weergegee word. Eerstens, die Vader sal nie toelaat dat die wêreld wat Hy geskep het heeltemal tot niet gaan nie. Want juis deur die sterwe van sy Seun aan die kruis, kom begin Hy om die nuwe hemel en die nuwe aarde te vestig. Die tweede beginsel wat ons leer is dat die Vader sy kinders bewaar dat hulle nie bo hulle kragte versoek word nie. Daar sal nooit iets met ons gebeur waarvan die Vader nie weet nie. Hierdie belofte van bewaring is nie dat 'n persoon nie sal ly en selfs sal sterf nie. Die bewaring wat Hy beloof is 'n "met-ons-wees" in elke situasie van hierdie lewe en tot anderkant die dood (Burger 1997:38).

**2.4 Ons Vader: die Aanbiddelike**

Dikwels word daar soveel klem gelê op wat die Vader alles vir die mens kan doen, dat daar nie aandag geskenk word aan die reg en die eise van gehoorsaamheid aan die Vader nie. Dit wat die Vader van ons verwag kry geen aandag nie, soveel so dat baie mense nie meer 'n aanvoeling het vir God se reg en heiligheid nie. Tog is dit duidelik uit die Bybel dat daar geen manier is waarop ons die sorg van God kan losmaak van sy geregtigheid en sy wil nie (Matt 6:33). As Vader het Hy beslis 'n wil vir sy kinders. Hy wil dat hulle barmhartig sal wees soos Hy is (Luk 6:36); Hy wil dat hulle volmaak sal wees soos wat Hy is, deur hulle vyande lief te hê (Matt 5:43-48); Hy wil dat hulle regverdig sal leef soos Hy regverdig is (1 Joh 2:29). Ef 5:1-2 "Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg. Lewe in liefde soos Christus..."

As Skepper het die Vader 'n verantwoordelikheid teenoor elke stukkie skepping. Hy het die reg om dit te beskerm teen bedreiging en vernietiging. God is nie 'n aannemer van die persoon nie, daarom kan sommiges nie op bevoordeling bo die res van die skepping reken nie. Ongelukkig het mense (veral westerlinge) dikwels min begrip vir die pyn van die res van die skepping. Christus het die dissipels geleer bid "Onse Vader" en nie " my Vader" nie. Die Vader het ook ander kinders en ander belange, ons kan nie voorkeur behandeling verwag nie.

Die Vader het reg op ons lewe, omdat ons aan Hom behoort. In die Ou Testament word twee redes genoem vir die Here se besittingsreg op Israel: Hy is hulle Maker (Deut 32:6,9), en Hy is die Een wat hulle verlos en bevry het uit Egipte. In die Nuwe Testament vind ons dieselfde patroon. Deur die dood van Christus is ons losgekoop (Gal 4:5), en wie losgekoop is deur die Vader, behoort nie meer aan homself nie, maar is die eiendom van God (Heidelbergse Kategismus, Sondag 1) (vgl Burger 1997:47-55).

## 2.5 Ons Vader: die Getroue

Die een eienskap van God wat die ander omsluit, en daaraan 'n unieke waarde gee, is die getrouheid van die Here. God se getrouheid is net 'n ander kant van sy liefde, wat standvastig en onveranderlik is, omdat dit deel is van sy wese. Gutierrez word deur Burger (1997:61,62) aangehaal waarin hy getrouheid as tweeledig, beskryf. Eerstens is trou om nie te vergeet nie, maar om beloftes te onthou (Jes 49:15-16). In die tweede plek vra dit ook van die Vader dat Hy soms sal vergeet, en in Christus 'n nuwe begin met ons maak, soos in Jer 31:34b "Ek sal hulle oortredinge vergewe en nie meer aan hulle sondes dink nie". So kom waarborg die Vader aan ons sy trou en 'n nuwe begin, met die tekens van die brood en die wyn. Alleen op grond van God se getrouheid kan ons geloofsekerheid besit (Joh 10:28-29).

Die bogenoemde karaktertrekke of eienskappe van God is die grond van die Missionêre Diakonaat. God het die mens deel gegee aan hierdie eienskappe toe Hy die mens na sy beeld geskape het. Dit is juis hierdie eienskappe van God wat van die gelowige vra om soos God te leef: missionêr-diakonaal.

# 3. GOD DIE VADER AS SKEPPER VAN DIE MENS

## 3.1 Geskape na God se beeld

Die Bybel maak dit duidelik dat God die Skepper van die hemel en die aarde is. Die Bybel begin dan ook met die woorde: "In die begin het God die hemel en die aarde *geskep*". Die Bybel begin nie met die bestaan van God nie, maar met die aktiwiteite van God. God se aktiwiteite word deur sy woorde bepaal, sodat die bestaan van God (in die Bybel) begrond word deur die aktiwiteite van God. Mense ervaar alleen die Goddelike werklikheid deur God se werke in hierdie wêreld (DuBose 1983:78).

'n Tweede belangrike opmerking wat gemaak moet word, is dat die mens 'n baie besondere plek in God se skepping inneem. Baie van God se aktiwiteite in hierdie wêreld vind deur die mens plaas. God het nog nooit die skepping van Homself losgemaak nie. Die Bybel maak dit duidelik dat God vir die skepping en vir die mens as deel van die skepping sorg en dit versorg (Gen 1; Ps 33; 104). "Al bewijst deze God zijn liefdevolle zorg aan heel zijn schepping, zijn bijzondere zorg gaat uit naar de mens die in die schepping geplaatst is als een mens, geschapen naar zijn beeld en gelijkenis, als zijn kind en zijn dienaar (Gen 1:16-28)" (Noordegraaf 1991:29).

Wanneer daar oor die Missionêre Diakonaat gedink word, moet altyd onthou word dat dit *missio Dei* is. God is die Een wat dit doen. Hy is die Een wat sorg en versorg. Hy is die Een wat die middele tot beskikking stel. Tog word en is die Missionêre Diakonaat ook *missio ekklesia,* omdat God verloste mense gebruik om Hom hier en nou te verteenwoordig, en Hy so deur hulle sy versorging op aarde voortsit. Die beginsel hieragter is die *imago Dei*, die beeld van God, na wie alle mense geskape is (Stone 1996:19). Wanneer ons na God se openbaring aan die mens kyk, en die kommunikasie van die mens bestudeer, sien ons,

> … human issue of communication amounts to the confession that man is a mystery in himself and to himself, that he cannot be explained out of himself, but can be understood only in God, his Maker. In the Bible understanding in God

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> means essentially understanding in the light of Jesus Christ, through whom we understand" (Kraemer 1956:14).

Hierdie punt beklemtoon baie duidelik dat alleen God ons mense se innerlike motiewe en wese ken, en dat kennis van die self alleen verkry kan word deur kennis van God, en nie andersom nie. Die beginsel van die Bybel is dat God die mens geskape het om met Hom te kommunikeer en dialoog te voer. God het die mens as sy vennoot geskep om in gemeenskap met Hom te lewe, want alleen so kan die mens aan sy skeppingsdoel beantwoord (Kraemer 1956:14-15).

Die roeping van God bring mee dat mens slegs waarlik mens kan wees in verhouding met ander mense (Noordegraaf 1991:30). God roep ons om mekaar tot hulp te wees en mekaar te dien met ons gawes en om in gemeenskap met mekaar te leef. Dit het geweldige implikasies vir die diens van die kerk. Dit beteken dat die kerk as geroepenes hom nie van die nood van enige mens kan onttrek nie. Die Ou Testament gee geen basis vir onttrekking uit die wêreld nie, die boodskap is eerder om tot seën te wees (Gen 12:3).

'n Toegewyde Godgesentreerde lewe het ook 'n holistiese diensdimensie wat gerig is op die wêreld (vgl Hedlund 1991:26).

> Spirituality is not moments apart from the crowd or segmented retreats from the world. It is the way we experience and interpret both our activity and our inactivity, both our worship and our politics. Indeed, it is precisely a holistic spirituality that can help us to overcome the dualisms in our life and to see that our politics may very well be an expression of worship to God. ... Our prayers are no more or less a response to whom God is than is our public policy. Spirituality is a matter of who I am, but never apart from what I do. It is being and doing in union. And so, while "who I am" is never fully disclosed by "what I do," "what I do" is always incorporated into and is never separate from "who I am" (Stone 1996:7).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Missionêre Diakonaat kan dus nooit los verstaan word van die Drie-Enige Skeppergod nie. Dit beteken dat die mens getrou moet wees aan die beeld waarvolgens hy geskep is. Juis daarom kan ons nie anders as om 'n lewe van getuienis en diens te leef nie.

### 3.2 In of tot vryheid geskep

Om na die beeld van God geskep te wees, beteken ook dat elke mens in of tot vryheid geskep is. Uit die boek Genesis is dit baie duidelik dat dit juis die mens se vryheid is wat hom onderskei van die res van die skepping.

> Image-of-God freedom is a freedom to choose our future, a freedom to have a say in where we are headed. And if freedom is what constitutes us as humans, then to be robbed of that freedom, or to be seriously and unduly restricted in the use of that freedom, is, to that extent, to be dehumanized, to be stripped of at least one fundamental dimension that makes our lives human in the first place (Stone 1996:24).

Wanneer ons die eerste hoofstukke van Genesis lees, is dit duidelik dat hierdie vryheid waarin en waarmee ons geskep is, ook sekere verantwoordelikhede meebring. God gee aan die mens 'n baie duidelike opdrag om oor die skepping te heers. Alles word aan die mens onderwerp, behalwe sy medemens. Die verantwoordelikheid wat ons teenoor mekaar het, is om vir mekaar 'n hulp te wees, om vir mekaar om te gee en om vir mekaar te sorg (Gen 2:18, Gen 4; Deut). Hierdie boodskap om vir mekaar om te gee, kom dwarsdeur die Bybel baie sterk na vore.

Die vryheid waarmee God geskep het, is ook kenmerkend van die vryheid waarin Hy optree en wat aan ons gegee is. Vryheid as eienskap van God verwys na die vryheid van sy wil, en sy wil is in volledige harmonie met sy wese. Wat teen sy wese ingaan, wil Hy nie, en kan Hy ook nie doen nie. God kan byvoorbeeld nie onbetroubaar of onheilig wees in plaas van betroubaar of heilig nie. Hy kan in al sy vryheid net God wees. Daarmee bring selfs God se vryheid sekere "beperkinge" mee. God se vryheid kan nie anders as om liefde te wees nie, want Hy is liefde (1 Joh 4:8). Daarom is die vryheid waarin die

mens geskep is ook nie 'n absolute vryheid nie. Dit is 'n vryheid wat onderworpe is aan die Een na wie se beeld ons geskep is.

Die missionêr-diakonale bediening gee aan die een kant juis aan die kerk die geleentheid om hierdie vryheid in volle afhanklikheid van God te leef. Aan die ander kant wil die Missionêre Diakonaat ook alle mense, in watter omstandighede ook al, bring tot hierdie vryheid in Christus, deur die woord- en daadverkondiging van God se liefde, geregtigheid, barmhartigheid, en sy omgee vir mense.

**3.3 As sosiale wesens geskep**

Die skepping is nie bedoel vir een mens, een volk of een geslag van mense nie. Die gemeenskaplikheid van die skepping bestaan daarin dat geen individu of groep of volk die skepping eksklusief mag opeis nie (Heyns 1978:113). Die feit dat die skepping vir alle mense, alle geslagte en alle volke daar is, gee dadelik aan die Missionêre Diakonaat ook 'n ekologiese dimensie. As mense wat God verteenwoordig, het ons die verantwoordelikheid om die skepping te bewerk en te bewaar. Hierdie "bewerking en bewaring" kan alleen plaasvind in en deur God se omgee, dit is God se *missio Dei.*

Reeds aan die begin het God die mens in verskillende verhoudings geplaas: met God self, met die diere, met die tuin, en met sy medemens. Dit is juis hierdie sosiale eienskap wat ons baie duidelik by God waarneem. God is nie 'n God wat Hom onttrek en eenkant hou nie. God is juis die God wat van die begin van die skepping af gemeenskap met die mens en met die skepping soek. God word nie geken op spekulatiewe of teoretiese wyse nie, God word altyd geken deur verhoudinge. Dit plaas die moontlikheid van menslike lewe in kontekste waar die menslike gees gekrenk is, en menslik gesproke geen moontlikheid meer het nie (Jes 57:15) (Brueggemann 1994:55). So vind ons dat die Missionêre Diakonaat hom ook besig hou met alles wat die gemeenskap tussen God en mens, mens en mens, en mens en natuur bemoeilik. Dus sal die Missionêre Diakonaat hom ook bemoei met bv onbillike sosiale strukture, wat op watter wyse ook al diskrimenerend van aard is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die skeppingsverhaal behoort genoeg te wees om ons daarvan te oortuig dat God 'n sosiale God is – 'n God wat begeer om met elke mens in 'n persoonlike verhouding te staan. Dit word gestaaf deur God se verbondsverhoudings in die menslike geskiedenis. In God se verskillende verbondsluitings met die mens word 'n gewone verhouding omgeskakel in 'n vennootskap. As hierdie vennootskap ons nog nie oortuig nie, dan kom toon God sy absolute solidariteit met ons deur sy menswording (Stone 1996:56). Hy word vir ons Immanuel (God met ons). Daar sal gewaak moet word om nie die Missionêre Diakonaat net op sosiale strukture en ekologieë en groot omvattende sake te rig nie. Ten diepste is God 'n persoonlike God, wat vir mense omgee, daarom is die Missionêre Diakonaat ook baie spesifiek op individue en hulle omstandighede gerig.

Die wonder is dat God ons nie indwing in 'n verhouding met Hom nie. Ons het 'n keuse. God het ons in vryheid geskep. God wil Immanuel (God met ons) wees. Hy wil nie God oor ons wees, in die sin dat Hy ons kom veroordeel nie, maar Hy wil ons red. Hy wil in verhouding met ons leef. Juis daarom stuur die Vader die Seun, om hierdie verhouding moontlik te maak. Omdat Hy dit moontlik maak, verwag Hy van die mense dat hulle in 'n verhouding met mekaar leef.

> Relationships without freedom are characterized by domination and subordination, master and slave. ... It is precisely this lack of freedom in our relationships that turns cooperation into competition, service to neighbour into subjugation to neighbour, and compassionate leadership of others into domination of others. Rather than turning to others , we turn on others (Stone 1996:29).

### 3.4 Kreatief geskep

Kreatiwiteit dien beide gemeenskap en vryheid. So kry Adam en Eva die opdrag "wees vrugbaar en vermeerder", en aan hulle word die wêreld gegee om te kultiveer soos wat hulle wil. So is die mens deur God geskep om te skep. Dit is deel van die menslike natuur om nuwe dinge en produkte uit die aarde uit voort te bring. Kreatiwiteit sluit meer in as om iets anders te vorm uit dit wat reeds bestaan. Die feit dat die mens die moontlikheid besit om iets totaal nuut te skep, is die sentrale gedagte wanneer daar gesê word dat die mens na God se beeld geskape is (Stone 1996:34-35). Stone (1996:35-41) gaan verder, en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wys hoe kreatiwiteit in die Gods-beeld, in ons, en deur ons mismaak word. Die volgende dimensies van die lewe word as voorbeeld gebruik nl werk en seksualiteit.

### 3.4.1 Werk

Werk is nie maar 'n neweproduk van die sondeval nie. Dit was nooit die bedoeling dat werk 'n straf moet wees nie, dit het as gevolg van die sondeval 'n straf geword. Aanvanklik het God die mens geskep om in die tuin te woon en dit te bewerk (Gen 2:15). Werk is 'n fundamentele deel van die mens se geskapenheid na die Godsbeeld. Dit is juis een van die vele maniere waarop mense hulleself kreatief kan uitleef, en kan uitdrukking gee aan hulle basiese menswees. Dit bring ons vierkantig te staan voor die probleem van werkloosheid. Werkloosheid, om watter rede ook al, maak dit dus vir mense onmoontlik om hul geskapenheid na die beeld van God kreatief uit te leef deur sy werk. "It is for that reason that large-scale unemployment in our society is not merely a misfortune or an economic problem. It is a sin. It is an assault against the image of God in those human beings who are able to work, but who cannot find work. ... Underemployment is also a crushing attack on the image of God" (Stone 1996:35).

Nie net werkloosheid onder behoeftiges is 'n aanval op die beeld van God by die mens nie. Baie mense beleef ook nie sin, kreatiwiteit en vervulling in hulle werk nie. Die probleem kan tweërlei van aard wees: Eerstens kan mense aan onregverdige arbeidspraktyke onderworpe wees. Tweedens kan dit voortspruit uit 'n negatiewe gesindheid teenoor werk. Hierdie ingesteldheid teenoor werk word meestal ekonomies en polities beïnvloed en bepaal. Werk sal weer die beeld van God in die mens se lewe vertoon as ons geloof ons werk vernuwe tot 'n (mede)kreatiwiteit saam met God, soos wat werk bedoel was om te wees. Aangesien werk, en die geleentheid om te kan werk, deel is van ons geskapenheid na God se beeld, sal die Missionêre Diakonaat hom ook besig hou met werkskepping, arbeidspraktyke ens. Die Missionêre Diakonaat het ook die verantwoordelikheid om mense tot nuwe, bevrydende, bybelse insigte te bring met betrekking tot hulle gesindheid rondom werk. Die vermoë en die geleentheid om te kan werk, is tog 'n Godgegewe gawe. Hier is daar 'n groot opvoedingsproses nodig, wat deel

is van die Missionêre Diakonaat, omdat ons eie gesindheid rakende die saak juis in ons dade getoets sal word.

### 3.4.2 Seksualiteit

Net soos die mens se kreatiwiteit as beeld van God deur die arbeidspraktyke skeefgetrek word, word dit ook gedoen deur seksuele aktiwiteite. Trouens, daar word soms selfs 'n verband getrek tussen werk- of lewensomstandighede en seksuele uitlewing. So is byvoorbeeld prostitusie 'n werk vir vele. Dikwels het armes geen keuse as om die bedryf te beoefen nie. Dit is egter nie net onder die (arm) prostitute wat hierdie kreatiwiteit in Godsbeeld skeefgetrek word nie, maar ook waar ander seksuele wanpraktyke gebeur bv aborsie op aanvraag, homoseksualisme, verkragting, en die hoë egskeidingsyfer. "As long as human life in our society is reduced to production, consumption, and acquisition, and as long as value is determined by exchange value, we can only expect human sexuality to reflect the corruption of our image-of-God creativity" (Stone 1996:38).

Die Missionêre Diakonaat het ook te doen met hierdie moeilike terrein van die etiek. Hierdie sake kan nie alleen maar by bv Leer en Aktuele Sake hanteer word nie, want dit handel nie net oor etiese aspekte nie, maar oor die lewe self. 'n Saak soos prostitusie hoort vierkantig op die tafel van die Missionêre Diakonaat. Die etiese moet verkondig word, sodat die praktyk gestaak kan word, maar dit is nie genoeg nie. Dikwels wanneer die praktyk gestaak word, is die nood na versorging, in die omvattende sin (geestelik en fisies) op sy hoogste. Dan moet ook opleiding volg, sodat mense sinvol en mens-waardig in 'n nuwe beroep kan staan. Tog is dit waar dat mense alleen menswaardig kan leef as hulle hulle waarde in God se oë besef. Die Missionêre Diakonaat sal dus ook ten diepste betrokke wees by ander seksuele wanpraktyke, soos verkragting, homoseksualisme en aborsie op aanvraag, asook by die opstelling van wetgewing daaroor. Neem aborsie as voorbeeld. Die Missionêre Diakonaat sal nie net daarteen mag wees nie, maar ook met alternatiewe vorendag moet kom, bv aanneming, pleegsorg, ens. Dit hoort juis by die Missionêre Diakonaat en nie alleen by die Diakonaat nie, omdat baie van die gevalle wat aansoek doen om aborsie, los van die kerk leef. Daar sal dus na hulle gesoek moet word.

Seksualiteit gerig op God se beeld, is seksualiteit wat ontwikkel in, en gestem is op egte vryheid en 'n geloofwaardige gemeenskap. Die vryheid lê in die keuse van 'n seksuele verhouding sonder enige dwang of manipulasie. Dit is gemeenskaplike vryheid binne die konteks van verbintenis, wedersydse omgee en versorging. Kreatiwiteit as beeld van God sluit altyd 'n fundamentele verantwoordelikheid in teenoor ons wêreld, ons naaste en God. God het gesien dat dit nie vir die mens goed is om alleen te wees nie, en het toe vir hom 'n hulp gemaak wat by hom pas (Westermann 1987:227).

Die kwaliteite van vryheid, gemeenskap en kreatiwiteit is ten eerste en alleenlik kwaliteite van genade. Net deur genade kan ons vry, sosiaal en kreatief wees. "Grace is, simply, the presence and activity of God in the world. Grace is God's pure unbounded love for all of us" (Stone 1996:42). Die kreatiwiteit wat in genade aan die mens geskenk is, moet nie selfgerig wees nie, maar na buite gerig word. Anders kan hierdie kreatiwiteit 'n samelewing vernietig eerder as opbou.

# 4. GOD DIE VADER WAT RED

## 4.1 Inleiding

Die geskiedenis van die Ou Testament is die geskiedenis van God se handelinge met die mens. Dit is ook waar dat die geskiedenis van God met die mens as reddingsgeskiedenis vertel word. Vanuit Gen 1-11 is dit baie duidelik dat God nie net met Israel besig is nie, maar met die hele mensdom. In Gen 3 lees ons dat Adam op God se roepe antwoord: "ek het u stem gehoor, maar ek het weggekruip, want ek was bang/skaam".

> Translated into theological terms, this means that although man still hears the voice of God, he flees from him, and therefore the Bible does not describe the religious history of man as a quest for God, but as a divine seeking after man; in other words, "*Heilsgeschichte*" as God's persistent act. God will to be with man in order that they will be with each other in him. This is "*Heilsgeschichte*" (Kraemer 1956:20).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die verbond met Noag is 'n teken van die heilsgeskiedenis, omdat dit die hele mensdom en skepping insluit. Vanaf Gen 12 werk God met 'n kleiner groep mense (Israel), maar die bedoeling is om die hele skepping te bereik. In Gen 12 kies God vir Abram om 'n verbond mee te sluit. Tog is dit duidelik in Gen 12 dat die redding van Gen 10 sowel as die oordeel van Gen 11 vervat word in die verbond: "Ek sal seën wie jou seën en hom vervloek wat jou vervloek. In jou sal al die volke van die aarde geseën wees" (Gen 12:3).

Dit is die redding wat van krag bly. Want God is die God van redding. Hy is nie die oorsprong van die slegte nie. Die Bybel leer nie 'n dualisme nie. Regdeur die geskiedenis bly die redding seëvier. God verkies redding bo straf. Juis hierin lê die missionêre. God se oordeel noodsaak die evangelie en sy liefde maak dit moontlik. Dit blyk baie duidelik uit God se handelinge met Israel en die omliggende volke (Hedlund 1991:32).

Daar is 'n radikale verskil tussen die geloof van Israel en die gelowe van die omringende volke. Die essensie van Israel se geloof lê daarin dat God hulle voorvaders uit Egipte gered en deur die woestyn gelei het tot in die land Kanaän. Hulle het alleen maar 'n volk geword as gevolg van God wat vir hulle ingetree het. God het 'n verbond met hulle gesluit by Sinai, die verbond het hulle hele lewe gerig. Hulle fokus is op God wat gehandel het, steeds handel en altyd sal handel.

### 4.2 God se redding lei tot 'n credo

Die Pentateugverhaal, sowel as die heilsgeskiedenis van God, word rondom die redding uit Egipte gevorm. Dit word ook 'n historiese credo, wat in 'n paar sinne saamvat wat die hele boek Eksodus berig. Dit vertel hoe die Here vir Israel 'n God is en hulle gered het. Die belangrikheid van die credo blyk uit die feit dat dit veral op drie plekke in die Pentateug voorkom: in Eks 20 by die inleiding van die Tien Gebooie, in Deut 26 by die aanbieding van die eerstelinge, en in Deut 6 waar dit handel oor die oorlewering van God se dade van die een generasie na die ander. Later in die Nuwe Testament word 'n herhaling van hierdie credo gevind by die Here Jesus Christus in die samevatting van die wet.

### 4.3 God se redding is die kern van die godsdiens

Die erediens in Israel het op verskillende wyses die redding deur God uit Egipte gevier:

- Deut 26 - Aanbieding van die eerstelinge.
- Eks 12 - die instelling van die Pasga, wat vooruitwys na die kruis.
- Ps 136, e a - die kultiese psalms, tot God se lof, omdat Hy red.
- Ps 80, e a - die klaagpsalm, in afsmeking van God se redding.

Belangrik is dat die blywende herinnering van die ontmoeting met die reddende God in die begin van Israel se geskiedenis in alle dele van die Ou Testament gedokumenteer is, met uitsondering van die wysheidsliteratuur. In die historiese boeke word vertel van nuwe dade van redding en bevryding. God se dade as Redder strook steeds met die omstandighede van die verskillende fases in die geskiedenis van Israel. Die ondervinding van redding is dus telkens nuut. Israel het ook die verskil geken tussen "brood van de zegen", wat die vrug is van die arbeid van mense, wat gesaai word, groei, en geoes word, en "brood der redding", wat in tye van hongersnood ontvang word as behoudende gawe van die God wat red (2 Kon 6-7) (Westermann 1981:43). Hierdie herinnering aan God se redding het oorgespoel na die Nuwe Testament. Dit vorm die basis van die Nuwe Testament, waarin die reddingsdaad van God volkome word in die kruisiging van die Here Jesus Christus.

Vir Israel bly Jahwe die Redder en daar word altyd weer redding van Hom verwag. Dat Jahwe die reddende God is, geld vir die volk sowel as die enkeling. Daar word oor God se reddingsdade berig, dit word in herinnering geroep, dit word aangekondig. Redding word van God afgesmeek, en die volk verlaat hulle op God se redding (Westermann 1981:42).

Dit is duidelik dat redding op verskillende maniere beleef word. Tog is dit duidelik dat God die Redder is en was en sal wees. Dit verkondig die Ou Testament, sowel as die Nuwe Testament. As Redder is Hy waarlik God. Die begrip *soteria* is dan ook een van die Nuwe-Testamentiese kernbegrippe (Westermann 1981:45). Dit is juis ook die redding wat tot die hart van die Missionêre Diakonaat behoort, omdat dit die hart is van die *missio*

*Dei*. Die Missionêre Diakonaat kom dus voort uit die hart van die reddende God, en nie uit die nood van die wêreld nie.

**4.4 Redding en verkiesing**

God is die God wat regeer, nie net oor sekere mense of oor 'n gedeelte van die samelewing nie, maar oor die heelal. Die Bybelse geskiedenis is dus 'n universele geskiedenis, met 'n baie besonderse struktuur, naamlik die van seleksie wat telkens kleiner word, maar tog 'n invloed op die geheel het (*pars pro toto*).

Net na die vloed maak God 'n onvoorwaardelike verbond met Noag en sy nageslag, wat geld vir al die nasies. Direk hierna herhaal God die opdrag om te vermeerder en die aarde te vul. Daarna lees ons van die nasies, die heidene wat die vrug is van Noag se seën. Die nasies is in die agtergrond, maar hulle is die vrug van God se seën. Hierna volg die tragiese verhaal van Babel, en God begin weer voor. Later fokus Hy op die familie van Heber (Gen 10:25), en uit die nageslag van Heber word Abram gekies. Weereens sluit God 'n verbond tot voordeel of ter wille van die nasies. Uit Abram se kinders kies God weer net vir Isak. Uit Isak se twee seuns kies Hy net vir Jakob. Uit die twaalf stamme van Israel kies God net vir Juda, maar die ander bly altyd deel van die verhaal. Die wat gekies is, is egter gekies as draers van die seën tot voordeel van alle mense. Hulle is draers van die seën, nie voordeeltrekkers uit die seën nie. Die misverstaan van die verkiesing is baie duidelik uit die verhaal van Jona (Newbigin 1995:32-33). So loop God se geskiedenis met die mens deur die hele Ou Testament, totdat dit fokus op Jesus, as "... one who bears the whole purpose of cosmic salvation in his own person and who is hailed as the beloved Son in whom the Father is well pleased. He, the beloved Son, the chosen one, comes forth to announce that the long-awaited reign of God is at hand" (Newbigin 1995:35).

Redding en verkiesing is onlosmaaklik deel van mekaar. Israel is nie net God se volk deur sy verkiesing nie, maar ook deur 'n reddingsdaad aan die begin. Op grond van God se reddingsdaad kan gesê word dat Hy Israel verkies het. Israel se verkiesing word nie vermeld voor Deuteronomium nie (Deut 7:6-8). Uit hierdie teks blyk dit duidelik dat verkiesing 'n interpretasie van die reddingsgebeure is. Hierdie verklaring word dan in

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Deut 7 in verband gebring met die afsondering van die Kanaaniete en hulle godsdiens. So word die eerste gebod in Deut vir Israel ingeprent met die oog op die gevaar van sinkretisme. Die verkiesingsbegrip word gevorm vanuit die tradisies van God se reddingsdade (Westermann 1981:46).

God se verkiesing van Israel is nie gegrond op Israel se goeie hoedanighede nie, maar op God se liefde (Deut 7, Esg 16). God se verkiesing van Abram, Israel, die profete, die konings, die dissipels en die kerk, is om tot seën te wees. Wanneer God ons uitkies/red, dan doen Hy dit met 'n doel (Deut, Amos). "The purpose of the election is service, and when this is withheld, election loses its meaning. Primarily Israel is to serve the marginal in its midst: the orphan, the widow, the poor, and the stranger" (Bosch 1991:18).

Die wese van die Missionêre Diakonaat lê juis in hierdie bedoeling van die verkiesing. Die mens is nie uitverkies in die eerste plek om hemel toe te gaan, en hier passief te leef nie. Die mens is gered om tot seën te wees en hier aktief te leef. Dit blyk duidelik uit die feit dat elke keer wanneer Israel die verbond met God vernuwe, dan erken en vernuwe hulle ook hulle verpligtinge teenoor die uitgeworpenes in die gemeenskap.

## 5. GOD DIE VADER WAT ONTFERM EN REGEER

### 5.1 Die ontferming van God.

Die sondelose wêreld was eers die volmaakte verblyfplek waar God se barmhartigheid *(chesed)* geniet en beleef is. "Skepping is barmhartigheid. In die nood van elke skepsel is, na sy eie aard, voorsiening gemaak" (De Klerk 1976:6).

In Gen 2 vind ons die verhaal van hoe God die skepping rondom die mens bou (Von Rad 1961:76). Von Rad (1961:78) gaan selfs so ver om te sê ons kan dit nie God se tuin noem nie, maar dat die tuin juis vir die mens geskep is as 'n geskenk van God uit sy genadige ontferming. Van Selms verskil hier van Von Rad en meen God is die Skepper en bly die eienaar van die tuin (Van Selms 1984:51). Westermann sien dit soos volg:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> Part of the story of the creation of human beings is concerned with providing for them. The fact that they have been created as living beings means they must be provided with means to live. Gen 2:8 is not a narrative about the creation of plants, but about the provision of nourishment for the human creatures" (Westermann 1987:207-208).

Hierdie hele verhaal van die skepping is gesetel in God se vaderlike liefde vir die mens. Hy stel van die begin af die lewensmiddele tot die mens se beskikking. Hy sorg vir die mens. Hy sien dat dit nie goed is vir die mens om alleen te wees nie en daarom skep Hy vir hom 'n hulp wat by hom pas, sy gelyke. Heel van die begin van die skepping af reik God in liefde en ontferming uit na die mens (Von Rad 1961:73-85). Die God wat vandag aanbid word, is steeds dieselfde God. Hy ontferm, voorsien en reik steeds uit na die mens. Die mens het egter verander, a g v die sonde kruip die mens weg vir God. Daarom het die Vader sy Seun gestuur, en stuur die Seun weer die uitverkorenes om sy sending voort te sit en die goeie nuus van God se versorging en ontferming te vertel. Ook hiervoor het God baie spesifiek voorsiening gemaak. Aangesien die mens geskape is na God se beeld, het Hy reeds met die skepping hierdie belangrike eienskap, om uit te reik en hulp te verleen, in die mens ingeskape.

> Gen 2 acknowledges that people do not find the true meaning of human life in the mere fact of existence; if this were the case, then community with animals would be enough. But people find the meaning of life only in human community; it is only this that makes true humanity... The creator considers the-being-alone quite negatively: it is not good (Westermann 1987:226-227).

Wanneer die mens in sonde val, deur ongehoorsaam te wees aan God, en so God se beeld in hom skaad, laat God die mens nie maar net verlore gaan nie. Nee, juis in sy groot barmhartigheid en liefde reik Hy steeds uit na die mens in nood, deur ander mense. Een van die duidelikste en mooiste voorbeelde hiervan is die verskillende verbonde wat God met die mens sluit, maar wat sy hoogtepunt vind in die vervulling van die verbond met Abraham, wanneer Christus gebore word. Later gee God ook sy verbondswet waarin die lyne van barmhartigheid getrek word.

Ons kan God se ontferming sien in die volgende gesindhede: genadig, barmhartig, lankmoedig, liefdevol, soekend. "Gods ganse bemoeienis met die mens sou trouens gesien kon word as 'n barmhartige diens aan die in sonde gevalle mens. God sit sy liefde vir die skuldige, lydende mens voort tot Hy Hom met die mens in Christus verenig" (Heyns 1978:70).

Barmhartigheid in die Ou Testament is nie staties nie, maar toon ontwikkeling en klemverskille soos wat die sosiale struktuur van die volk van God verander, soos bv tydens die woestyntyd en rigtertyd. Vanuit Ps 146 beskryf Prinsloo (1982:3) barmhartigheid as die Here se omsien na 'n groep weerlose mense. Hy gee beskerming aan die wat beskerming nodig het. Hy gee sekuriteit aan die wat ontneem is van familiesolidariteit. Hy word 'n Vader vir die weeskind. Die Here bewys barmhartigheid aan die sosiaal-verworpenes, aan die sosio-ekonomiese swakkelinge. Hy identifiseer Homself met die noodsituasie van die *personae miserae*, met die ellendiges, met die skuim van die bevolking. Jahweh, die Skepper van die hemel en die aarde, bemoei Hom met die uitgeworpenes van die wêreld. Wanneer mens noukeurig na verse 7 tot 9 van Ps 146 kyk, val dit op dat die Here hulle raaksien in hulle *konkrete lewensituasie*: vir iemand wat honger het, gee Hy brood; iemand wat blind is, se oë word geopen, ensovoorts.

> God's identification with hurting people, it must be emphasized, is more than merely being nice or softhearted. It is a passionate and powerful movement of emotion and feeling from deep within. Interestingly, the very word for compassion used over and over in the New Testament means literally "to have one's guts wrenched". If the life and ministry of Jesus is any clue to the character of God, then God's compassion is hardly superficial or passing. It is a gut-wrenching and deep-seated combination of tenderness and intensity (Stone 1996:55).

Die wêreld kan nie vir God "teruggewen" word deur pragtige belydenisse, teologieë en preke alleen nie. Dit sal ook nie "teruggewen" word deur barmhartigheid alleen nie. God se liefde en barmhartigheid kan nie vanuit die hoogte aan mense gebring word nie, nie uit

sinodale sentrums, en vanaf hoë kansels nie, maar in sinkgeboutjies, onder bome, in fabrieke en op die lande. Mense moet ook daar 'n stuk belewenis van God se teenwoordigheid en liefde kan ervaar. Missionêre Diakonaat vind plaas waar Christenskap geleef word. Gedring deur die liefde van God moet saam met en by mense in nood (geestelik en fisies) geleef word.

Prinsloo (1982:4) wys pertinent uit Ps 146:9b dat in die antitetiese parallellisme die minderbevoorregte gekontrasteer word met die goddelose. Die konsekwensie hiervan is dat aan die swakkes nie maar net barmhartigheid bewys word omdat hulle swak is nie, maar omdat hulle regverdig is. God is nie aan die kant van die arme of "underdog" nie, Hy is aan die kant van die regverdige. God se ontferming is nie passief of sentimenteel nie, dit is 'n ontferming wat kant kies. Tog blyk dit dat gelowiges versigtig is om hierdie waarheid uit te leef. Elkeen lees maar vanuit sy eie situasie die Bybel met die "bril" wat hom die beste pas (Stone 1996:59).

### 5.1.1 Die Vader wat ontferm deur te stuur

Die Ou Testament is belangrik vir die verstaan van sending, aangesien sending hier as *Missio Dei* geleer word. Ten spyte daarvan dat die Ou Testamentiese sendinggedagte sentripetaal is, vind ons dat God betrokke is by die wêreld juis deur te stuur: geroepenes, profete, engele, (Jesus, die Heilige Gees). In die Ou Testament is hierdie stuur gedagte in die eerste plek gerig op Israel en nie op die heidense volke nie. Dit het implikasies vir die verstaan van sending. 'n Gestuurde kan ook gestuur wees na sy eie mense, en steeds 'n sendeling wees, mits sending verstaan word as om gestuurde van God te wees. God stuur mense om verlossing, maar ook oordeel, aan te kondig (DuBose 1983:62-63).

Die gedagte is van wesentlike belang vir die Missionêre Diakonaat. Missionêre Diakonaat vind nie alleen plaas buite die gemeenskap van die gelowiges nie, maar ook daar binne. Juis omdat 'n persoon bv 'n prostituut deur die Missionêre Diakonaat tot inkeer kom, om so deel te word van die gemeenskap van die gelowiges, sal daar steeds met haar 'n missionêr-diakonale pad gestap word deur woordverkondiging en fisiese

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



versorging. So sou ook bv 'n drankverslaafde, wat al jare lid is van die gemeenskap van die gelowiges, Missionêr Diakonaal bedien moet word deur woord- en daadverkondiging.

Daar is egter ook 'n duidelike gerigtheid op die nasies. God se bedoeling met Israel is dat Hy hulle so wil seën, dat die mense van oor die hele wêreld na Jerusalem sal stroom om hierdie goeie en genadige God te kom aanbid (Jes. 2:1-5). Ons vind ook die verhaal van Jona waar hy gestuur word na die Nineve (geografies). Uit Jona se verhaal blyk dat, juis omdat Jona iets van God se genade verstaan, hy poog om God se redding te saboteer. Verkuyl stel dit soos volg: "Jona verwijt Jahwe, dat Hij buiten het verbond met Israël dezelfde is als binnen het verbond," en hy voeg by: "Het is merkwaardig en ontstellend, dat het boek Jona eindigt met een open vraag" (Bosch 1979:55).

Waar die gestuurdheid dan eers net gerig is op Israel, ook die gestuurdheid van die Here Jesus Christus, word dit later in die Nuwe Testament 'n gestuurdheid na die wêreld, wanneer Christus die Ou Testamentiese verwagtings van Israel vervul het.

### 5.1.2 Die Vader wat ontferm deur te praat

God handel in die Bybel met die wêreld en met mense deur te praat. God skep byvoorbeeld deur te sê: "Laat daar lig wees,". Ons lees telkens dat die woord van die Here tot die profete gekom het. Jesus dryf duiwels uit deur hulle aan te spreek, of genees siekes deur te praat. Die God van die Bybel is die God wat praat. "The word is the symbol par excellence that stands in human intercourse for communication" (Kraemer 1956:15)

Die feit dat ons menswees abnormaal is, in die sin dat ons nie beantwoord aan die doel waarvoor God ons geskep het nie, is 'n teken van ons swak kommunikasie met God. Dit het weer 'n invloed op al ons verhoudings en verskillende vorme van kommunikasie. "The break of real communication in human life, which perpetually characterizes our personal, social, economic, and political relations, filling human life with anxiety, fear and frustration, is the result of primordial break of communication with God in whom we nevertheless live and move and have our beings" (Kraemer 1956:18).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



God kommunikeer met ons sodat ons vanuit ons verhouding met Hom kan antwoord op sy handelinge in ons lewens. Die bedoeling van God se kommunikasie met ons is, dat ons almeer God se beeld hier op aarde verteenwoordig. Ons kan alleen maar Missionêr Diakonaal op hierdie aarde teenwoordig wees as ons leef as geskapenes na die beeld van die Vader. Dit moet ook die doel van ons kommunikasie wees.

As Missionêre Diakonaat dan *missio Dei* is, is dit van wesenlike belang dat die Missionêre Diakonaat ook gedoen sal word in gehoorsaamheid aan God. Daarom hoort gebed en Bybelstudie, die maniere waardeur God met ons kommunikeer, tot die wese van die Missionêre Diakonaat. Die rol van gebed in die Missionêre Diakonaat sal nooit oorbeklemtoon kan word nie.

**5.2 Die Vader regeer**

Uit Gen 1:28 en 2:15 kan afgelei word dat God die mens aangestel het om onder Hom dienend besig te wees met die beheer van die aarde en die wat daarin woon. Die mens is geroep om hier 'n samelewing te vorm wat gerig is op die verheerliking van God se Naam en op die welsyn van die skepping (Noordegraaf 1991:29).

God het die mense aangestel as rentmeesters (*oikonomoi*). Elkeen sal moet rekenskap gee van sy bestuur en beheer (Luk 16:2, 10-12). Rentmeesterskap impliseer 'n veroordeling van 'n besittersmentaliteit (Noordegraaf 1991:31). Hierdie bybelse siening van rentmeesterskap, as verantwoordelike beheer, staan in gespanne verhouding met die waardes wat in die westerse samelewing 'n belangrike rol speel, soos sukses, materiële vooruitgang, selfverwesenliking, prestasie, ens.

Aangesien armoede 'n kwaad is wat nie tuishoort in 'n samelewing wat na God se wette georden is nie, verwag God van die mens, as rentmeester, dat hy so sal leef dat daar nie armes onder gelowiges sal wees nie (Deut 15:4). Tog hou die Vader ook in sy groot barmhartigheid tred met die gebroke werklikheid waarin ons leef, wanneer ons enkele verse verder in Deut 15 lees dat daar altyd armes in die land sal wees, maar dan met 'n

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



duidelike opdrag om vrygewig te wees teenoor die wat behoeftig is (Deut 15:11). Hier kom ons te staan voor die spanning tussen ideaal en werklikheid, waar die wet van God hom nie neerlê by die realiteit nie, maar oproep tot daadwerklike hulpbetoon (Noordegraaf 1991:37).

Die Missionêre Diakonaat kan nooit die status quo handhaaf nie, aangesien dit besig is met God se sending in hierdie wêreld. Die *missio Dei* is juis daarop gerig om die Koninkryk van God te laat realiseer in hierdie wêreld. God is groter as die werklikheid waarin die mens leef. God aanvaar ook verantwoordelikheid vir die mens se swak rentmeesterskap deur sy Seun te stuur om 'n nuwe lewe moontlik te maak. Dit is juis in die lewe van Christus dat ons sien hoedat God Hom nie neerlê by die gebroke werklikheid nie, maar daadwerklik help deur te heers oor die natuur, siekte, sosiale status, sonde en die dood. Christus is die nuwe lewensmoontlikheid.

## 6. DIE NOODSAAKLIKHEID VAN DIE PATEROLOGIE VIR DIE MISSIONêRE DIAKONAAT

Fernando (2001a:191-204) wys op die leer van God die Vader in die Nuwe Testament, en dui die belangrikheid van 'n goeie Paterologie aan. Fernando dui aan dat in Handelinge, net soos vandag, ongelowiges aangetrek word deur die wonderlike voorsienigheid van 'n Vader wat sorg en versorg, veral in ons persoonlike behoeftes. Hy waarsku dat die kerk versigtig moet wees om nie net oor die wonderlike liefde en versorging van die Vader te preek en die ander belangrike leerstellings oor die Vader agterweë te laat soos bv sy soewereiniteit, sy heiligheid, sy geregtigheid en sy oordeel nie. Indien die volle leer oor die Vader nie verkondig word nie, lei dit maklik tot 'n "bekering" ter wille van die versorging (Fernando 2001a:199). So vind ons 'n kragtelose Christendom wat geen aandag skenk aan die eise van die evangelie nie, en dus nie 'n bekering tot God die Vader, wat ons hele lewe eis, nodig ag nie. Indien daar dan nie aan onmiddellike behoeftes voorsien word nie, is dit maklik om 'n ander sterker god te gaan soek wat kan voorsien, of terug te keer na die vorige god wat aanbid is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar moet dus in die Missionêre Diakonaat baie spesifiek klem gelê word op die verlossing tot die ewige lewe. Nie net die behoeftes hier en nou, armoede, werkloosheid, siekte, ens moet aangespreek word nie, maar ook en veral die nood om die ewige verlossing. Dit sal die probleem van 'n onheilige lewe ondervang: "This lack of godliness is a problem in all societies that do not take into account the reality of a supreme and holy God to whom people are morally accountable" (Fernando 2001a:200). Fernando wys daarop dat hoewel mense in die Nuwe Testament aangetrek is deur die wonders en die versorging van God, is daar in die prediking gewys op die soewereine en heilige God wat aanspraak maak op mense se lewens. Mense is opgeroep tot bekering.

Die Missionêre Diakonaat moet, gegrond op 'n goeie Paterologie, omsien na alle mense met alle nood. 'n Wesenlike dimensie van die Missionêre Diakonaat is dat dit mense sal konfronteer met hulle aanspreeklikheid voor die Lewende Heilige God. Daar moet op gewys word dat God ongeloof, sonde en valsheid haat en veroordeel tot die ewige verdoemenis. "One of our greatest challenges today is to restore confidence in the power of the Word among Christians in a generation that has lost its belief in the power of words" (Fernando 2001a:203).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 6

# JESUS CHRISTUS MODEL VAN DIE MISSIONêRE DIAKONAAT

## 1. INLEIDING

Alles wat ons oor God die Vader en Missionêre Diakonaat gesê het, sou net so geld van die Here Jesus Christus. Die enigste manier hoe ons God werklik kan ken, anders as om na sy handelinge in die wêreld te kyk is, om na die Seun Jesus te kyk. "Niemand het God nog ooit gesien nie. Sy enigste Seun, self God, wat die naaste aan die Vader is, die het Hom bekend gemaak" (Joh 1:18). Jesus is die Gestuurde van God na die wêreld.

Jesus word ook in 'n baie besondere sin aan God die Vader verbind wanneer daar in die Nuwe Testament na beide verwys word met die benaming "Here". Jesus is nie voor sy kruisiging "Here" genoem in die eintlike sin nie, en Hy wou ook nie graag Messias genoem word nie. Na sy opstanding word Here en Messias die populêrste benaminge vir Jesus. König (2001:118-121) sê dat Jesus na sy opstanding eintlik eers Here geword het. Op Pinksterdag sê Petrus op grond van die opstanding: "God het hierdie Jesus, wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak" (Hand 2:36).

Paulus skryf dat "op grond van sy opstanding uit die dood is Hy deur die Heilige Gees aangewys as Seun van God wat met mag beklee is, Jesus Christus ons Here" (Rom 1:4). Jesus het God se heerskap, God se sending, God se doel met die mens op aarde kom voortsit. Jesus het nie gekom om sy eie werk of wil te doen nie, maar die werk en die wil van die Een wat Hom gestuur het (Dubose 1983:64-65). In die Johannes evangelie (4:34; 5:30,36; 6:38-40; 9:4), word dit baie duidelik gestel dat Hy een is met die Vader wat sy werk, sy liefde en sy sending betref.

Shenk wys daarop dat sending nie sy oorsprong het in Jesus die Messias nie, maar dat daar reeds 'n sendingtradisie was in die Judaïsme voor Jesus (Shenk 1993:8). Jesus het egter nuwe betekenis aan die sendingbegrip van die Judaïsme kom gee, Hy het

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



proselietmakery soos dit voorgekom het by die Jode, skerp veroordeel (Matt 23:15). Die Jode se sendingbegrip het eerder die etiese status quo beklemtoon, en nie die onregverdige sosio-politieke strukture aangespreek soos bv die profete van die Ou Testament dit doen nie. Jesus val dan die Joodse leiers aan, in ooreenstemming met die profetiese tradisie in die Ou Testament. Ware geloof in die Ou Testament het 'n diakonale dimensie, dit word gemeet aan die hantering van sosiaal uitgeworpenes wat geen mag het nie, bv weduwee, wees en vreemdeling (Jer 7:5-7; 22:3, Miga 6:8). Geloof wat nie 'n diakonale dimensie het nie, wat nie reg en geregtigheid laat geskied nie, kom onder die oordeel van God (Shenk 1993:8-9). In die lig hiervan sou ook gesê kon word dat sending wat geen diakonale dimensie het nie, geen sending is nie. Netso sou diakonaat wat geen missionêre dimensie het nie, geen diakonaat wees nie.

God se barmhartigheid vind juis sy hoogtepunt in die inkarnasie van Jesus Christus as lydende kneg van die Here. God het Hom van die begin af aan die mens verbind deur 'n werksverbond. Wanneer Adam nie daaraan gehoorsaam is nie, hef God nie sy verbond op nie. Die werksverbond word voortgesit in die genadeverbond, wat sy vervulling vind in die inkarnasie van Jesus Christus. Die motivering vir die inkarnasie is God se liefde, en sy soeke om die verlorenes te red (Heyns 1978:230-231).

Dit is ook baie duidelik dat God van die begin af reeds 'n totale redding in gedagte gehad het, en nie net die wen van siele nie (Jes 61:1-3, Luk 4:16-30). Hierdie omvattende bediening van Jesus, veral aan die uitgeworpenes, word deeglik deur Bosch (1991:84-122) behandel. Die kerk sal daarteen moet waak dat ons sending nie net geestelik van aard is nie, maar dat dit werklik oorgaan in dade van dissipelmaking.

> Even so, personal conversion is not a goal in itself. To interpret the work of the church as the "winning of souls" is to make conversion into a final product, which flatly contradicts Luke's understanding of the purpose of mission. Conversion does not pertain merely to an individual's act of conversion and commitment; it moves the individual believer into the community of believers and involves a real - even radical - change in the life of the believer, which carries with it moral

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



responsibilities that distinguish Christians from "outsiders" while at the same time stressing their obligation to those "outsiders" (Bosch 1991:117).

Jesus se hele (aardse) lewe, sy hele wese word gekenmerk deur 'n missionêre dimensie en intensie, asook 'n diakonale dimensie en intensie, wat daarop gemik is om mense te bevry. Daar is 'n verskeidenheid profesieë wat uiteindelik in Jesus vervul is. In werklikheid is daar vier verskillende figure wat in Jesus vervul word: die Messias, die dienaar, die groot profeet, en die Seun van die Mens (König 2001:53).

## 2. JESUS AS MESSIAS KONING

In die Ou Testament, veral by die profete, word daar baie gesê oor die Messiaanse tyd (Jes 26-29; 40; Es 40-48; Dan 12; Joël 2:28-3:21), maar daar word nie baie gesê oor die Messias self nie. Alhoewel die titel Messias nie self in die Ou Testament gebruik word nie, word die woord tog gekwalifiseerd gebruik bv die Gesalfde van die Here. In die Ou Testament word mense vir 'n spesifieke taak gesalf, bv konings en priesters. Daar is ook een profeet wat gesalf is. "This use of anointing to indicate a specific office became later applied in a more technical sense of the one who, *par excellence,* would be God's chosen instrument in the deliverance of his people" (Guthrie 1981:237).

Die Griekse ekwivalent van Messias is *Christus*, wat gesalfde beteken. Hierdie titel word eintlik eers aan Hom toegeken ná pinkster. Die feit dat die eerste gelowiges Christene of Christus se mense genoem word, dui op die belangrikheid van hierdie titel (König 2001:66). Die hoop op die Messias het verskillende vorme aangeneem. Die mees dominante een is dan die van 'n Dawidiese Koning wat 'n aardse koninkryk vir die Israeliete sou kom vestig. Die hooftema van die profesieë laat min twyfel dat die Ou Testament 'n "politieke" Messias verwag het. In die Ou Testament word die idee van 'n totale verlossing, van die realisering van die sjalom aan die Messias gekoppel (König 2001:54-57).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Met die Christologie is hierdie holistiese Hebreeuse benadering verskraal, ons praat bv nie oor die leer van die Messias nie, maar eerder van 'n Christologie. In wese is dit dieselfde saak, maar die Messias begrip van die Ou Testament kan meer omvattend verstaan word.

> "Messiah" implies a specific historical personality who poses as effective redeemer and liberator in a given context of oppressive alienation. Yet the term "Christ" in the Greek tradition often ignored the holistic Hebrew dynamics, with their social, economic, and political implications for faith, all of which are inherent in the language of "Messiah" (Shank 1993:39).

Die verlossing word verder verskraal deurdat ons net klem lê op die verlossing van sonde as 'n geestelike verlossing.

> But the early Greek-inspired shift from the "horizontal", temporal, historical mediation of the future to a largely "vertical", ontological mediation down played the earthly accents and the social, economic, and political preoccupations of the biblical Messiah's work of salvation, redemption and restoration. Instead favoured the divine/heavenly (spiritual, eternal, immortal) preoccupations and accents of the Greek cultural ethos (Shank 1993:40).

So word die holistiese benadering van die Bybel aangaande die Messias, verskraal tot geestelike goeie nuus vir die lewe hierna.

Jesus kondig egter in Luk 4:16-31 die genadejaar van die Here aan. Dit is 'n omvattende begrip wat juis betrekking het op die verlossing hier en nou. Die Missionêre Diakonaat wil juis hierdie holistiese of omvattende benadering wat ook sosiale, ekonomiese en politieke verlossing insluit, beklemtoon. Dit is egter so dat daar as reaksie op die bogenoemde standpunt verskeie bevrydingsteologieë ontstaan het (Latyns Amerika, swart teologie, feminisme) wat as teologieë juis besig is om die klem te laat val op die horisontale verdrukking - sosiaal ekonomies, polities, seksisties en rassisties. Dit dui op die belangrikheid daarvan dat teologie gekontekstualiseer moet word (Shank 1993:38). God het Immanuel, God met ons, geword, en juis daarom moet ons ons afvra wat beteken dit in ons spesifieke situasie. Hoe moet ons Christen wees? Die bevrydingsteologie het

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



juis, deur klem te lê op Bybelse uitsprake oor ongeregtigheid vanuit die profete en Messiaanse tradisies, die exodus na vore gebring, asook die politieke dimensies van Jesus se bediening. Die bevrydingsteologie poog om in sy identifisering met die randfigure die Messias te verpolitiseer, netsoos die Jode gedoen het.

Baie mense daarbuite verwag ook van die Missionêre Diakonaat om politieke verandering of bevryding te weeg te bring. Alhoewel die Missionêre Diakonaat die politieke strukture en ideologieë sal aanspreek, soos wat Jesus gedoen het, is die Missionêre Diakonaat nie polities geïnspireer nie, maar Koninkryksgerig. Wanneer na Christus se bediening gekyk word, en die verlossing wat Hy bring, is dit 'n totale verlossing. Dit is nie net vertikaal of horisontaal van aard nie. Hierin lê ook die kritiek teen die bevrydingsteologie - dat dit die klem eensydig laat val op die horisontale. Tog het die bevrydingsteologie ook daartoe bygedra dat daar nuut gedink word oor die sending en die diakonaat van die kerk, en dat daar ook wyer gekyk word na onregverdige strukture en stelsels. Ons word nie verniet Christene genoem nie, ons moet die hoop wat die Messias bring, uitdra in hierdie wêreld, maar dan moet ons tog hierdie hoop aan die wêreld oordra soos Jesus dit gedoen het, vanuit die liefde van God en nie vanuit een of ander politieke agenda nie (Guthrie 1981:241).

Bosch wys daarop dat dit in die bergpredikasie duidelik is dat Jesus nie gekom het om 'n politieke ryk te vestig nie, maar dat dit ook nie beteken dat Jesus apolities was nie. Inteendeel, Hy het elke tradisionele sosiale struktuur bevraagteken. "His politics was, however, one of peace-making, of reconciliation, of justice, of refusing vengeance, and above all, of love of enemy" (Bosch 1991:70).

Jesus is egter tydens sy aardse lewe gedurig gekonfronteer met hierdie persepsie van 'n politieke bevryder. Ons sien dit die duidelikste in Mark 8:27-38 waar Petrus bely dat Jesus die Messias is, maar nie die lyding en sterwe van Christus wil aanvaar nie. Tog het die Ou Testamentiese profete dit duidelik gemaak dat die Messias verlossing sal bring van sosiale ongeregtighede, politieke verdrukking, en Jesus het die uitsprake op Homself van toepassing gemaak (Luk 4:16-30). Die doel van die Messias was om die mense terug

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



te bring na God en die Wet, en om God se volle verlossing te bring vir sy mense en vir die wêreld. Dit gaan dus nie oor die inhoud van die Messias se sending nie, maar die aard daarvan. Hoe sou Hy hierdie sending van God voltooi? Vanuit die Westerse Christendom word die dualistiese onderskeid gemaak tussen 'n "politieke Messias versus 'n godsdienstige Messias", 'n hemelse koningskap versus 'n aardse koningskap, wat hierdie hele punt van die aard van die verlossing verkeerd uitlê. Die ontkenning of eliminering van die politieke, sosiale en ekonomiese implikasies van Jesus se Messiasskap vervals doodeenvoudig die holistiese verlossing waarvan die Ou Testamentiese profete so duidelik praat. Die vraag na die aard en die kwaliteit van die Messias se sending is per definisie polities. "The issue is not one of whether political, social or economic concerns are included in Messiah's agenda, but rather of how they are dealt with" (Shank 1993:55).

Die Missionêre Diakonaat sal ook op die politieke, sosiale en ekenomiese terrein beweeg. Die Missionêre Diakonaat sal dus moet seker maak dat die betrokkenheid by die verskillende terreine altyd gegrond is in die evangelie, sodat die spesifieke terrein altyd aangespreek word vanuit die evangelie en nie vanuit 'n persoonlike of politieke agenda nie.

Die doop van Jesus help ons om te verstaan hoe Hy sy Messiasskap gesien het. Johannes probeer sy bes om vir Jesus te oortuig om Hom nie te doop nie, want Johannes weet dat sy doop " 'n doop van bekering tot vergifnis van sonde" (Mark 1:4, OAV) is, en hy weet dat Jesus sonder sonde is. Sy doop is dus nie vir Jesus bedoel nie. Tog dring Jesus daarop aan om gedoop te word, omdat dit die manier is waarop Hy en Johannes "alle geregtigheid moet vervul" (Matt 3:15, OAV). So kom vervul Jesus dan die geregtigheid vir sondaars. So voer Hy die wil van God uit. Jesus se doop is dus sy totale vereenselwiging met sondaars. Omdat Hy dit doen, daal die Gees op Hom neer, juis om Hom hiervoor te salf. Dan kom die stem uit die hemel: "Jy is my geliefde Seun. Oor Jou verheug Ek My" (Mark 1:11). Hier vind ons twee aanhalings (Ps 2:7 en Jes 42:1) wat dan die nuwe Messiaskoning verbind met die lydende dienaar. So word Jesus se rol as lydende Messias bevestig deur sy doop (König 2001:61-64).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Jesus is dus die Koning wat God se geregtigheid hier op aarde kom vestig deur as lydende dienaar van mense te kom leef. Indien die Missionêre Diakonaat daaraan meewerk om die Koninkryk van God te kom vestig, kan dit nie anders geskied as alleen deur lydende diens nie.

## 3. JESUS AS DIENSKNEG

Ons tref die gedagte van 'n dienskneg reeds in die Ou Testament aan, in die vorm van die Ebed Jahwe liedere (Jes 42:1-4;49:1-6; 50:1-4; 52:13-53:12; 61:1-2). Die Jode van Jesaja se tyd het nie aan die dienaar gedink as 'n Goddelike wese nie. Tog leer die Nuwe Testament duidelik dat Jesus die rol van die Dienaar vervul (Matt 8:17, Hand 8:32, Heb 9:28, 1 Pet 2:22-24).

Die identiteit van die kneg in Jesaja is:

- Hy is die uitverkorene van Jahwe en gesalf met die Gees van Jahwe (Jes 42:1)
- Hy is die nuwe verbond van Jahwe met Israel (Jes 42:6b)
- Hy is 'n lig vir die nasies (Jes 49:6)

Hierdie identiteit word die duidelikste in die roeping van die kneg:

- Hy moes ly, gemartel en gesmaad word (Jes 50:6) tot in die dood (Jes 53:8,9)
- Hy doen dit nie ter wille van Homself nie, maar ter wille van die oortredinge en ongeregtigheid van die sondaars (Jes 53:5) (Crafford 1966:9-10).

In die Ou Testament word die Messias en die Dienskneg nooit aan mekaar verbind nie, maar in die Nuwe Testament word die twee figure byeengebring in die Here, Jesus Christus. In die Ou Testament wou die Jode nie 'n lydende Messias gehad het nie. In die Nuwe Testament word Jesus aanvaar as Messias, maar sy lyding is vir sy volgelinge onaanvaarbaar (Matt 16:22-23). Tog het Jesus as die Messias doelbewus die rol van dienskneg aangeneem (Fil 2:7) en gely tot die dood toe (Fil 2:8) (Hedlund 1991:162). Jesus verwys ook nooit na Homself as Dienaar nie. Wanneer sy lyding en sterwe ter sprake is, verwys Hy eerder na Homself as "die Seun van die Mens" (Mark 9:31, 10:33). Tog is dit duidelik dat Jesus die rol van die Dienaar vervul, al word Hy selde "Dienaar" genoem. Dit is veral duidelik wanneer Hy die nagmaal instel: sy bloed sal vergiet word

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"*tot vergewing van sondes*" (Matt 26:28), en dan voeg Hy by dat dit die bloed van die nuwe verbond is. Dit is belangrik, want hier het ons met die twee sake te doen wat telkens ter sprake kom in die Ebed Jahwe liedere; dat die dienaar vir die sonde sal sterf, en die verbond sal herstel (Jes 53:4-5, 12; 42:6; 49:8) (König 2001:70-73).

Jesus se lewe was diens. Sy hele lewenshouding is die van dienslewering. Hy het gekom om te soek en te red dié wat verlore is. So soek Hy verskeie mense in hulle nood op. Hy het by die uitgeworpenes gaan eet, onreines aangeraak, met mense van onderdrukte groepe gemeng, en selfs die mees gehate mense, soos die Romeinse owerste, gehelp. Hulle het nie nodig gehad om aan enige vereistes te voldoen om sy medelye te ervaar nie. Jesus het geweier om enige sosiale, etniese, politieke of godsdienstige skeidings te erken (Conradie 1995:125). In navolging van Christus mag die diakonaat dus nooit net na binne gerig wees nie, maar moet die diakonaat ook 'n missionêre dimensie en intensie besit, en moet die diakonaat ook deur die missionêre roeping gedryf word, sonder dat daar enige grense aan gestel mag word

Jesus se dienslewering blyk ook duidelik uit sy woorde en dade, asook sy solidariteit met mense (Joh 10:11). Jesus is nie soos 'n huurling, wat as hy 'n wolf sien, sy skape los en weghardloop nie (Joh 10:12-13). Die eenheid wat daar bestaan tussen sy woorde en dade kom na vore in bv die saligsprekinge (Matt 5-7) en die wonders (Matt 8-9). Hieruit kan ons aflei dat daar ook eenheid tussen ons woorde en dade moet wees. Jesus se dienslewering is omvattend op elke terrein van die lewe.

- Dienslewering in die fisiese nood van mense:

Sy genesings- en voedingsverhale verteenwoordig die hart van Jesus se bediening.

- Dienslewering in die emosionele nood van mense:

By die uitdrywing van duiwels toon Jesus dat Hy vir mense se geestesgesondheid omgee. Jesus se vereenselwiging met die uitgeworpenes uit die samelewing, en sy optrede om hulle situasie te verander, toon ook sy betrokkenheid by die sosiale welsyn van mense. Die sosiaal uitgeworpenes (melaatses) se situasie is so verander dat hulle weer met die res van die samelewing geïntegreer is. Deur hulle kennismaking met Jesus, begin hierdie

mense hulleself in 'n ander lig sien. Hulle besef dat hulle waardevol is. Iemand wat nie sy eie waarde besef nie, kan nie onselfsugtig en nederig wees nie (Conradie 1995:128).

- Dienslewering en die geestelike nood van mense:

Jesus se diens is ook op die geestelike nood van mense ingestel. Daarom gaan Hy uit om te preek (Mark 1:38); het Hy die volmag om sondes te vergewe (Mark 2:10); het Hy gekom om sondaars te roep (Mark 2:17); en sê Hy aan sy dissipels dat hulle mense soos visse sal vang (Mark1:16-20). Die Seun van die mens het gekom om verlorenes te soek en te red (Luk 19:9) (Conradie 1995:128-129).

- Kenmerke/aspekte van Jesus se dienslewering: barmhartigheid, nederigheid, selfoorgawe.

Die liefdesgebod word in woord en daad vervul met sy klem op armes en sy absolute gehoorsaamheid aan die Vader (Conradie 1995:122-124).

Christus is die bron en die voorbeeld vir ons diens (Fernando 2001 (b):207-221). In ons diens aan die wêreld openbaar ons gemeenskap met Hom en gehoorsaamheid aan die evangelie. Die diakonaat kan alleen funksioneer in verbinding met die verkondiging van die evangelie, alleen so word die koningskap van Christus sigbaar. Christus stel ook die norm vir ons diens. Die wyse waarop Hy dien, bepaal ook die wyse waarop ons dien. Christus het gekom om mense te soek wat verlore is. Hy het nie kom kyk of hulle sy diens waardig is nie. Daarom mag ons ook nie kyk of mense aanvaarbaar is of nie, ons moet soek wie verlore is.

> Wie dient , doet dat als een mens die ook zelf de dienst van Christus nodig heeft. Dus als mede-zondaar en mede-hulpbehoevende. Dat sluit elk dienen "uit de hoogte" uit, alsmede alle eenrichtingsverkeer in het dienen. De diakonale dienst kan alleen verricht worden als we willen gaan staan naast diegenen die we dienen. En alleen in de wederkerigheid van geven en ontvangen (Koole en Velema 1991:46).

Jesus se hele lewe was 'n voorbeeld van dit wat Hy van ons vra, naamlik selfverloëning. Jesus het op die strate gebly, Hy het geen huis gehad nie en geen vaste inkomste nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Jesus het nie net vir die armes gepreek en hulle besoek nie. Jesus was arm. Hy het vir die armes arm geword (2 Kor 8:9), en na die wêreld gekyk deur hulle oë. Dit is juis in hierdie lewenstyl van Jesus waar ons die karakter en diepte van God se medelye ontdek (Stone 1996:70-71).

Hier is 'n baie belangrike gesigspunt wat ons nie moet miskyk in die Nuwe sowel as die Ou Testament nie. Die missionêre taak van die kneg in Jesaja was volgens Crafford (1966:11) dieselfde as die missionêre taak van Israel. "Ook Hy gaan nie uit na die nasies nie. Hy bewerk vir hulle die heil van Jahwe. Hy vertoon aan hulle volkome die lig en die heerlikheid van Jahwe. Sy missionêre betekenis is dus net soos dié van Israel, sentripetaal van aard".

Wanneer ons na die Nuwe Testament kyk, sien ons dat Jesus se bediening eerstens gerig is op Israel. Dit is eers as hulle Hom en sy boodskap nie aanvaar nie dat Hy Hom rig tot die heidene. Vir die Missionêre Diakonaat is hierdie 'n baie belangrike gesigspunt, dat ons ons nie net sal rig op die nood daar ver nie, maar ook plaaslik, in die kerk en op die voorstoep van die kerk, sodat die plaaslike kerk die lig en die heerlikheid van 'n God wat omgee, so sal laat skyn dat ons ook vir die mense om ons die heil sal bewerk. Dit sal 'n valse bediening wees as dit net daar ver beoefen word, en nie ook in ons eie gemeenskap nie.

## 4. JESUS AS PROFEET

Die groot taak van 'n profeet in die Ou Testament was om vir die volk te sê wat God se wil is. Hy moes veral God se oordele aan die volk bekend maak en hulle oproep om hulle sondes te bely en hulle te bekeer. Dit is nie net wat Jesus gedoen het nie, maar ook wie Hy is, wat behoort tot sy profetiese werksaamheid, want in sy persoon self openbaar Hy God (Heyns 1978:272; Jonker 1977:53). Jesus Christus self is die openbaring van God (Joh 1:1,14; 14:8-11; Kol 1:15; Heb 1:2-3). Jesus word dan ook dikwels 'n profeet genoem, maar daar word ook na Jesus verwys as *die* profeet (Joh 6:14). Johannes die doper kan beskou word as die laaste Ou-Testamentiese profeet, terwyl Jesus *die* profeet is

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat beloof is (Deut 18:15). Hy is groter as al die profete, daarom word ook telkens gesê dat Hy "groter is" (Matt 12:41,43; Heb 3:3). In die evangelies lees ons dan ook van Jesus se eensydige gerigtheid op Israel (König 2001:21-26). Jesus kom as 'n Ou-Testamentiese profeet en daarom is Hy eerstens nie gerig op die heidennasies nie. Sy opdrag was om Israel tot bekering te roep sodat God sy plan deur Israel met die heidene kon uitvoer. As Israel gehoorsaam is, sal God hulle so seën dat die nasies na Israel sal stroom.

Maar Jesus was ook meer as net nog 'n profeet, soos blyk uit die konteks van byvoorbeeld die Matteus evangelie. Hier is dit duidelik dat Jesus se bedieningskopus wyer is as net dié van Israel.

> Two of these considerations come from the immediate context of 1:21. First, the mention of the four women in Jesus' genealogy (1:3-6) points out that Jesus' "people" included non-Jews who were sinful and helpless. Second, Matthew's account of the visit of the magi (2:1-12) sharply contrasts the worship of the non-Jewish magi with the hostility of the Jewish leaders. ... "his people" are the marginalized and hopeless members of the society, both Jew and Gentile (Harvey 1998:127).

In sy hoedanigheid as profeet is Jesus God se laaste oproep aan Israel om hulle te bekeer, sodat God deur hulle die heidene kan bereik. As die Jode dan vir Jesus verwerp en kruisig, kom die keerpunt. In sy laaste gelykenisse het Jesus al vir Israel hieroor gewaarsku (Matt 21:43; 22:1-10; 23:37). So sou ons kon sê dat Jesus se beroemde sendingbevel die eerste aanduiding van die verandering in God se sendingmetode is. Nou probeer Hy nie langer deur Israel die heidene bereik nie, maar word daar direk na die heidene gegaan, om so Israel jaloers te maak, sodat hulle hul sal bekeer (Rom 9-11) (vgl Badenhorst & Theron 2001:233).

Hieruit kom 'n belangrike perspektief vir die kerk na vore. God het die enigste genadeverbond met Abraham aangegaan, sodat sy nageslag die een verbondsvolk van God sal wees. Daarom het God nie twee volke nie. Israel en die kerk is een volk. Die ware Israel bestaan uit alle gelowiges, die gelowige Jode en die gelowige nie-Jode. Van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die begin af tot en met die wederkoms het God net een volk uitgekies. Reeds van die begin af het die ware Israel nie uit alle genealogiese afstammelinge van Abraham bestaan nie, maar net uit die gelowiges uit Israel. Aan die anderkant is die heidene wat tot geloof in die God van Abraham gekom het, altyd by die volk van God gevoeg.

Die Missionêre Diakonaat sal altyd 'n appèl op mense se lewens maak, binne die kerk sowel as daarbuite. Wanneer daar gesê word bekering is nie 'n voorwaarde vir die Missionêre Diakonaat nie, word daar beslis nie bedoel dat die Missionêre Diakonaat nie daad-werklik oproep tot bekering nie. God se bedoeling met die Abraham verbond was van die begin af dat al die nasies daarby ingesluit sal wees (Gen 12:3). God het dus nie twee volke nie, en nie twee bedieninge nie. Hy het die een bediening van volkome verlossing wat geld vir alle mense. Die kerk is die ware Israel, en dit bestaan uit die Jode en die heidene wat glo. Daarom word die Ou-Testamentiese profesieë wat op Israel betrekking het, in die lewe van die kerk vervul (König 2001:30-31). Jesus is dan ook die finale openbaring van God (Heb 1:1-2). "The finality of Jesus follows from who Jesus is. Christ is God's final Word to mankind. God has spoken that Word to us in these last days. The finality of Jesus Christ rests upon the fact of the empty tomb" (Hedlund 1991:163).

Dit is belangrik om raak te sien dat Jesus se boodskap goeie nuus is vir sy volk, maar ook vir die wêreld. In die Lukas evangelie word Jesus dikwels indirek en direk aan die profete gekoppel. In die Lukas evangelie, veral in hoofstuk 9, speel Moses, Elia en Elisa 'n groot rol. Hier word na Elia en Elisa verwys veral om aan te toon dat die profeet, hetsy Jesus, Elia of Elisa, nie aanvaarbaar is vir sy eie mense nie en vandaar word dan uitbeweeg na die heidene (Ravens 1990:119-129). Ons sien dit reeds baie duidelik in Jesus se eerste preek in die Lukas evangelie, waar Hy Homself aandui as Gesalfde van God om die evangelie aan armes te verkondig, en om die genadejaar van die Here aan te kondig (Luk 4:18-19). Belangriker egter is die woorde waarmee Hy afsluit: "Vandag is hierdie Skrifwoord wat julle nou net gehoor het, vervul" (Luk. 4:21). Wat is dit wat hier vervul word? "What it was that was fulfilled, according to this prophetic text, was the promise of a transformed set of human relations involving the forgiveness of debts, the liberation of

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



prisoners, and the renewal of the agrarian economy" (Yoder 1985:81; vgl Badenhorst & Theron 2001:234).

Jesus kondig 'n nuwe lewenskwaliteit aan wat reeds met sy koms aangebreek het. Sy teenwoordigheid vra 'n besluit *vir* of *teen* hierdie nuwe lewensorde wat hier beskryf word as die "genadejaar van die Here". Jesus verskil dan ook van bv Johannes die doper as Hy nie deelneem daaraan om Herodes te veroordeel vir sy polities gemotiveerde immoraliteit nie. Hy laat nie toe dat sy profetiese roeping gedegradeer word na die voorskryf aan regeerders wat hulle mag en wat hulle nie mag nie. Wat Jesus as profeet kom doen, is: Hy kom maak God se nuwe wêreld aan ons bekend deur God se soteriologie aan ons bekend te maak. Hierdie boodskap van Jesus dompel die mens in 'n krisis deur hom op te roep tot geloof en bekering (Badenhorst & Theron 2001: 226). "... in soteriology we are not supposed to achieve, but to trust. Salvation is not a product, but a presupposition. We do not bring it about, but we accept it as a gift of grace mediated through faith. ... We do not achieve it so much as we accept it. It is not as basic to engineer it as to proclaim it" (Yoder 1985:91).

Hieruit kom 'n verdere belangrike perspektief vir die kerk na vore. Ons profetiese roeping is nie om die verlossing te skep nie, God self skep die verlossing. Ons taak is om dit aan te kondig. Ons is nie geroep om ons vyande lief te hê, sodat hulle ons vriende kan word, nie. Aan die kruis is dit duidelik dat hulle nog altyd ons broers was. Ons is nie geroep om die brood van die wêreld vir die hongeres beskikbaar te stel nie, maar ons is geroep om die waarheid, dat dit nog altyd aan hulle behoort het, te herstel. "We are called only to let that truth govern our own choice of whether to be, in our turn, tyrants claiming to be benefactors" (Yoder 1985:91). Wanneer Missionêre Diakonaat as *missio Dei* beoefen word, dan is die mens slegs die instrument. God vra van die mens om die gawes wat Hy aan ons gegee het weer aan ander uit te deel. Ons is nie die besitters van God se genade nie, maar slegs die kanale waardeur dit vloei.

As profeet kom roep Jesus ons na 'n nuwe sosiale lewenswyse. Hy kom herformuleer as't ware wat dit beteken om God se volk te wees in die wêreld. Hierdie nuwe sosiale

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lewenswyse is van die begin af duidelik in Jesus se lewenswyse. Na sy doop, waar Jesus Homself met die mense van hierdie wêreld verbind, word Hy deur die satan in die woestyn versoek. Uit die wyse waarop Jesus hierdie versoekinge hanteer, is dit baie duidelik watter lewenswyse Hy kies. "Jesus' answer is a concrete alternative to those forms of the messianic temptation. His way will be an alternative to the way of the demagogue sweeping crowds along his unique power, to that of the collaborator scheming his way into the existing structures, domination" (Yoder 1985:80).

Jesus kom as profeet om God se Woord(e) en verlossing akkuraat weer te gee, dus as gestuurde van God. Daarom is Jesus se profesie ook niks anders as 'n Goddelike Woord nie, waarin ook die ware identiteit van Jesus na vore tree. Jesus kom neem nie maar sy plek tussen die profete in nie, maar hy het unieke identiteit as Seun van God om God se Woord te spreek en God se dade te doen (Reinhartz 1989:10-12).

## 5. JESUS AS PRIESTER

### 5.1 Priesterskap in die Ou Testament

Die Bybel praat nêrens van 'n priester wat geroep is om priester te wees nie, terwyl konings en profete deur God geroep of gekies is. Die tradisie vertel hoe God die stam van Levi aangewys het vir diens in die heiligdom, maar dit het geen spesifieke gawes van indiwidue van die stam vereis nie. "And yet a priest was made holy and sacred by virtue of his work" (De Vaux 1961:347).

Die werk van die priesters was die versorging van die heiligdom. Daarom is die priesters ook afgesonder vir die werk, en mag hulle nie hulself verontreining het nie. In Israel het die volk na die heiligdom gekom om "met God te praat", dit was dan die werk van die priester om 'n Goddelike openbaring te gee (De Vaux 1967:349-353). Daar is ook drie tekste wat duidelik aandui dat die Torah en die onderrig die verantwoordelikheid van die priester was (Mig 3:11, Jer 18:18, Es 7:26). Die wet kom van God, maar Hy het dit aan die priesters toevertrou. Die Torah het veral gehandel oor die verhouding tussen God en mens en die priesters is erken as die interpreteerders van die wet.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Deel van die priesterskap was ook om offers te bring. De Vaux (1967:356) wys daarop dat om offers voor te berei, in die priesterlike werk eintlik laag op die prioriteitslys was, en beskryf die priesterfunksie dan as: "The priest's role began when they had to use the blood, partly because this was the holiest part of the victim (Lv 17:11,14), but mainly because the blood had to be brought into immediate contact with the altar; similarly, it was always a priest who presented and who placed upon the altar that part of the sacrifice which belonged to God".

Uit al die bogenoemde rolle wat die priester vervul het, is dit duidelik dat hy altyd as middelaar optree. Wanneer hy 'n openbaring van God gee, of 'n interpretasie of lering oor die torah, verteenwoordig hy God voor die mense. Wanneer hy 'n offer op die altaar bring, verteenwoordig hy die mense voor God. Die Missionêre Diakonaat het ook 'n priesterlike funksie om deur woord- en daadverkondiging God voor die mense te verteenwoordig deur sy liefde en genade bekend te maak.

**5.2 Jesus, 'n herinterpretasie van die priesterskap in die Ou Testament**

In die Nuwe Testament sien ons duidelik hoe Jesus hierdie rol as priester kom vervul. Op verskeie plekke in die evangelies, byvoorbeeld Matt 5-7, gee Jesus lering en interpretasies oor die wet. So vind ons op ander plekke lering oor die sabbat, ens. So gee Jesus ook lering oor die bring van offers, en poog ook telkens om die mense te leer dat Hy die volkome offer vir ons sondes is, dat Hy die Middelaar is wat versoening tussen ons en God bewerk (Heb 7:25). Hy is ook die Een wat ons vooruitgegaan het om vir ons plek voor te berei by die Vader, waar Hy ons ook verteenwoordig deur vir ons in te tree (Joh 16:27, Rom 8:34).

Die priesters, ook die Hoëpriester, moes uit die stam van Levi wees (Heb 7:12-14; 8:4). Tog weet ons dat Jesus uit die stam van Juda kom. Wanneer daar in die Hebreërbrief na Jesus verwys word as priester of Hoëpriester, dan word daarop gewys dat Hy nie uit die normale priesterorde, uit die stam van Levi kom nie. Jesus is dus nie 'n priester in die oë van die wet nie. Jesus is hoëpriester volgens die orde van Melgisedek. Volgens die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



skrywer aan die Hebreërs was Melgisedek baie groter as die Levitiese priesters, omdat Abraham (Levi se voorvader) aan hom 'n tiende van die oorlogsbuit gegee het. Dit was 'n teken dat hy belangriker was as Abraham en sy nageslag, insluitende Levi (Heb 7:1-10) (König 2001:39).

In Gen 14:18-20 lees ons dat Melgisedek die "koning van Salem en die priester van God die Allerhoogste" was. Die volgende wat ons van Melgisedek lees, is in Ps 110:4. In hierdie Messiaanse Psalm kry ons die belofte: "Jy sal altyd priester wees in die priesterorde van Melgisedek". Die volgende wat ons van Melgisedek lees, is in die Hebreërbrief. "Melchizedek occupies a major place in the Letter to the Hebrews in that his name and his symbolism are used as a key to justify and explain the priesthood of Christ" (Tavard 1987:66).

Die naam Melgisedek word vertaal as "koning van geregtigheid" en sy koninkryk as "vrede". Die feit dat Genesis ook niks sê oor die oorsprong of einde van Melgisedek nie, plaas hom in 'n ander klas as die ander aardse konings, omdat hulle koningskap gewoonlik oorgedra word van hul voorouers. "This is the primary point, which, in the reasoning of the author of Hebrews, 'assimilates' him to the Son of God" (Tavard 1987:67).

Die ooreenkoms tussen Jesus en Melgisedek is dat albei priesters is, maar nie een uit die stam van Levi nie. Hulle vorm dus hulle eie priesterorde. Hulle is dus nie priesters deur afstamming nie, maar God het hulle direk aangestel op grond van hulle innerlike kwaliteit (Heb 7:16). Jesus se priesterskap gaan dus ook nie soos die Levitiese priesterskap op 'n ander oor nie. Jesus se priesterskap is soveel meer as dié van die Leviete. God het Hom direk aangestel (Heb 5:4-5). God stel Hom onder 'n eed aan (Heb 7:20-21), en God doen dit op grond van Jesus se lewenskwaliteite en nie op grond van sy afstamming nie (vgl Nacpil 1998:214-218). "The new high priest, in contrast, remains unique, for he never dies; he is a priest for eternity. Moreover, the priests of the Old Covenant were themselves sinners, who had to suffer sacrifices in atonement for their sins before offering them for the people. The new high priest, however, is sinless" (Tavard 1987:68).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Omdat die hoëpriester 'n sondaar was, moes hy eers vir sy eie sonde geoffer het voor hy vir die volk se sondes kon offer (Heb 5:3; 7:27; 9:7). Hierteenoor het Jesus nooit nodig gehad om eers vir sy eie sonde te offer nie, want Hy het nooit sonde gehad nie (Heb 4:15; 7:26). Die offers van die hoëpriesters moes ook elke jaar herhaal word, omdat dit nie werklik versoening kon bring tussen God en mens nie. Teenoor hierdie tydelike offers van die priesters was Jesus se offer van ewige waarde vir alle mense se sonde. Christus is die eerste priester in die Bybel wat Homself geoffer het (Heb 9:12,14). Hiermee kan niks in die Ou Testament vergelyk word nie. Christus is ook die enigste en finale Middelaar tussen ons en God. "Daarom kan Hy ook die wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos: Hy lewe vir altyd om vir hulle by God in te tree" (Heb 7:25).

**5.3 Jesus en die hoëpriesters in die Johannes evangelie**

Kajafas se leierskap as hoëpriester staan in skerp kontras met die leierskap wat Jesus vir Homself uitstippel in die gedeelte oor die Goeie Herder (Joh 10). Kajafas, wat voorgestel word as "een" van die Sanhedrin, wil sy superioriteit aandui oor die mense wat hy lei as hy vir hulle sê: "Julle verstaan niks" (Joh 11:49). Dit was gebruik dat die hoëpriester jaarliks een dier geoffer het vir die volk (baie) se sonde. Kajafas wat bekend was met die gebruik, dra die betekenis hiervan oor as hy sê dat dit beter is as een man sterf vir die volk en die hele nasie nie verlore gaan nie. Hierteenoor dui Jesus aan dat Hy en diegene wat Hy lei 'n intieme en wedersydse kennis van mekaar het (Joh 10:14-15). Diegene wat deur Jesus gelei word, weet dat Hy die een is wat sy lewe vir hulle aflê.

Drie keer word daarna verwys dat Kajafas "daardie jaar hoëpriester was" (Joh 11:49, 51; 18:13). Hierdie herhaling wil nie net die beperktheid van Kajafas se priesterskap aandui nie, maar wil ook aandui dat hy die hoëpriester was die jaar toe Jesus gesterf het. Die woord wat hier vir jaar gebruik word (ενιαυτου) is dieselfde as wat in die Septuagint (Lev 16:34) gebruik word, waar die hoëpriester se werk rondom die jaarlikse offer beskryf word. "The triple notice that Caiaphas was high priest 'that year' thus also reminds the reader that it was the duty of Caiaphas to perform 'that year' the atonement sacrifice for the people" (Heil 1995:732).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Reeds vroeg in die Johannes evangelie word Jesus aangedui as die "Lam van God" (Joh 1:29, 36). Hierdie titel vir Jesus verbind Hom met die offergebruike van die Paasfees (Eks 12), asook van die dienskneg wat geoffer word as lam vir die sondes van die mense (Jes 52:13-53:12). "Moreover, as the good shepherd, Jesus assumes the sacrificial duty of a new kind of high priest who sacrifices not an animal, as in the Levitical tradition, but himself, the Lamb of God, for the 'sheep' who believe in him: 'I am the good shepherd. The good shepherd lays down his life for the sheep' " (Joh 10:11)" (Heil 1995:732).

Die feit dat Kajafas dit nie van homself sê nie, maar profeteer oor Jesus se sterwe, staan in skerp kontras met Jesus se aandrang daarop dat Hy sy lewe uit sy eie aflê (Joh 10:17-18). Jesus se hoëpriesterskap kom dus na vore uit die feit dat Hy die Goeie Herder is wat sy lewe aflê, en die Lam van God, die een wat die sondes van die wêreld wegneem (Heil 1995:133). Die dood van Jesus oorskry by verre die verwagtinge van Kajafas wat die Sanhedrin adviseer dat dit beter is as Jesus sou sterf, want dan sou hulle ten minste hulle "heilige plek" (Tempel) kan behou en die Romeinse regering dit nie vernietig nie (Joh 11:48). Jesus se verlossingsdaad gaan baie verder as hierdie eng nasionalisme. Jesus het reeds aangedui dat Hy ook ander skape het wat nie aan hierdie kraal behoort nie, en hulle moet ook gelei word. "Hulle sal na my stem luister, en hulle sal een kudde wees met een herder" (Joh 10:16).

Waar Kajafas Jesus wil offer vir die Jode, kom offer Jesus Homself vir die Jode en nie-Jode, en gee aan hulle die ewige lewe, sodat hulle nie verlore sal gaan nie. Kajafas profeteer onwetend dat Jesus nie net vir die Jode sou sterf nie, maar ook om die kinders van God oor die hele aarde tot een volk bymekaar te bring (Joh 11:51-52). Waar Kajafas bereid is om vir Jesus te offer ter wille van die volk, het Jesus nie een van dié wat God aan Hom toevertrou het, laat verlore gaan nie (Joh 18:9). Jesus se uniekheid as Hoëpriester blyk verder uit die feit dat daar na beide Annas en Kajafas as hoëpriester verwys word. Hierdie verwarring bevestig die uniekheid van Jesus as die "een man" vir die mense (Joh 18:14).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# 6. JESUS AS MODEL VIR DIE MISSIONêRE DIAKONAAT

Jesus word in die Bybel as model voorgehou van die *missio Dei,* Joh 17:18 "Soos U My na die wêreld toe gestuur het, het Ek hulle ook na die wêreld toe gestuur". Ook Joh 20:21 bevestig "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook". Wanneer die dissipels later stry oor wie die belangrikste is, dan antwoord Jesus dat dit die een is wat dien (Luk 22:24-27). En nadat Jesus die dissipels se voete gewas het, hou Hy dit voor as iets wat hulle ook moet doen (Joh 13:14-17). In sy studie oor die onderwerp maak Fernando (2001b:210) die volgende gevolgtrekking: "When we think of Jesus as the missionary model, therefore, the main themes that should come to mind, on the one hand are meekness, humility, servanthood, and forgiving others, and on the other hand, suffering and deprivation".

Die motivering vir die Missionêre Diakonaat kom uit die verstaan van Jesus as Here. Ons is gestuurdes met sy gesag (Matt 28:18). Om diensknegte van die Here Jesus te wees, moet ons die vreugde, outoriteit en sekuriteit ken om kinders van God te wees. Juis hierin lê die krag van die Missionêre Diakonaat, nie in wat gedoen word nie, maar in die Een in wie se Naam dit gedoen word (vgl Fernando 2001b:217).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 7
# DIE HEILIGE GEES AS BEMAGTIGER VAN MISSIONêRE DIAKONAAT

## 1. INLEIDING

Dit wat ons glo van die Heilige Gees en waaroor hierdie hoofstuk in wese gaan, word die beste saamgevat in die geloofsbelydenis van Nicea. Hierdie belydenis gee ook die verhouding binne die Drie-eenheid duidelik weer.

Ons glo in een God, die almagtige Vader,
Die Skepper van hemel en aarde,
En van alle sienlike en onsienlike dinge.

En in een Here, Jesus Christus,
Die eniggebore Seun van God,
Gebore uit die Vader voor alle eeue;
Lig uit Lig, waaragtige God uit waaragtige God
Gebore, nie gemaak nie,
Van dieselfde wese met die Vader;
Deur wie alle dinge gemaak is;
Wat ter wille van ons , mense, en ons saligheid
Neergekom het uit die hemel,
***Vlees geword het uit die Heilige Gees en die maagd Maria***
En mens geword het, wat vir ons gekruisig is onder Pontius Pilatus,
gely het en begrawe is;
En op die derde dag opgestaan het volgens die Skrifte;
Opgevaar het na die hemel,
En sit aan die regterhand van die Vader;
Wat weer sal kom met heerlikheid

om te oordeel die lewende en die dode,
wie se ryk geen einde sal hê nie.

***En in die Heilige Gees,***
***wat Here is en lewend maak,***
***wat van die Vader (en die Seun) uitgaan,***
***wat saam met die Vader en die Seun***
***aanbid en verheerlik word,***
***wat gespreek het deur die profete.***
In een heilige, algemene en apostoliese kerk.
Ons bely een doop tot vergifnis van sondes.
Ons verwag die opstanding van die dode,
En die lewe van die toekomstige eeu.
Amen (Smit 2001:9).

Die Heilige Gees is van die begin van die skepping af betrokke saam met die Vader en die Seun. Die Heilige Gees is ook die Een wat die "lewe" skenk aan die Here Jesus Christus. Die Heilige Gees was die oorsprong van die bestaan van Jesus Christus in die wêreld van die mens, Matt 1:18: "Die swangerskap het van die Heilige Gees gekom". Die Seun was *conceptus de Spiritu Sancto,* ontvang van die Heilige Gees. In dié sin is die Heilige Gees die oorsprong van die apostolaat wat die Seun verkondig, asook van die nuwe gemeenskap wat tot stand gekom het (Barth 1963:54). Heyns (1978:191-192) wys daarop dat Jesus se ganse lewe van begin tot einde onder leiding van die Gees staan. Maar die Gees is ook volledig in diens van Christus en die Vader (Dubose 1983:66) wat Hom stuur om Sy - Christus - se werk op aarde te kom voortsit. Die Gees het geen eie boodskap nie (Joh 16:13b-14). Wanneer ons dan bely dat die Gees die Heer en lewendmaker is, kan ons ook net ons lewe vanuit hierdie gesigspunt verstaan.

> As Christians and religious today, we can interpret and understand our lives in the present times only if, together with the christological foundations of our way of life ..., we emphasise the pneumatological aspects of ecclesiology and the theology of the *vita consecrata* [consecrated life]. The "Spirit" is the living reality

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> of God in us, the source from which we drink, the light that illumines our path and leads us into the perfect truth of our life, our history, and our God (Schaluck 2000:39).

Wanneer ons egter die Drie-eenheid so onderskei, moet ons altyd weet dat hoewel hulle onderskei word, kan hulle nooit geskei word nie. Vos (1984:4-5) wys dan heeltemal tereg daarop dat rondom die Vader, die Seun en die Heilige Gees dit steeds gaan om die een ryk van God. Dit wil sê dat daar altyd 'n Paterologiese, Christologiese en Pneumatologiese inspeling op die een ryk van God is. Die aard van die relasie tussen die Drie-eenheid in hierdie een ryk is 'n liefdesrelasie (Vos 1984:16).

Hoekom is die Pneumatologie belangrik? Sonder 'n gesonde Pneumatologie bly die heil van God *extra nos*. Die verwaarlosing van die Christologie het weer tot gevolg dat die heil 'n prestasie van die vrome mens word. En beide is lewensgevaarlik! In die politieke teologie word die heil vertaal in (ont-)blote aardse heil wat in rewolusies ontaard om die maatskaplike geaardheid radikaal te verander. Die vraag na die Pneumatologie is teologies boeiend en onontwykbaar (Vos 1984:10).

## 2. DIE GEES IN DIE OU TESTAMENT

Die Bybelse terme wat gebruik word vir gees is *ruah* (in die Ou Testament) of *pneuma* (in die Nuwe Testament). Beide terme beteken "moved and moving air; they mean breath, wind, probably also storm, and in this sense, spirit" (Barth 1963:53).

Die herskeppende handelinge van Jahwe deur sy *ruah* is nie "a pie in the skie when you die" nie. God se handelinge gryp in die ekstensie van sy volk in (Vos 1984:95-101). In die ou Testament word daar oor die Gees gepraat in verskillende kontekste, in die verhaal van Israel in verhouding tot die toekoms (Joël 2:28-32; Jes 11:1-2; 42:1; 61:1-2), en in verhouding met die skepping. Veral in die Psalms en Job word die Gees beskryf as skeppende krag in die wêreld (Ps 33:6; 104:29-30; Job 26:12-13; 34:14-15). In hierdie gedeeltes word meestal na die Gees verwys as asem van God wat lewe gee (Shenk

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1993:122-124). Die Gees is dan ook in die "asem van God" wat nuwe lewe skep deur die Missionêre Diakonaat. In die Missionêre Diakonaat kan dit dus nooit om "projekte" gaan ter wille van mense nie, maar dit is die werk van die Heilige Gees wat nuut en skeppend werk in hierdie wêreld. Missionêre Diakonaat word gedoen onder leiding van en in gehoorsaamheid aan die Gees.

God gee ook sy *ruah* aan die ganse volk, alle mense sonder inagneming van leeftyd, geslag of sosiale status (Joël 2:28-29). Die profeet Joël sluit by die geykte tradisie van die ekstatiese profete aan wat "profeteer, drome droom en gesigte sien", maar die profesie verkry heilsverbreding en verdieping. Want die "charismata" is nie toegewys aan 'n uitverkorene soos die profeet of die koning nie, maar die hele volk is gevolmagtigde openbaringsmiddelaars. Die versugting van Num 11:29: "Ek sou wou wens dat die hele volk van die Here profete was, en dat Hy sy Gees op almal mag lê", word in hierdie heilsvoorsegging 'n uitsig (Vos 1984:100). Deur die krag en die toerusting van die Heilige Gees is die Missionêre Diakonaat nie die bediening van 'n paar enkelinge nie, maar dit is die werk van die ganse kerk.

Die *ruah* se handelinge ten opsigte van die volk is herskeppende handelinge. Die herskeppende handelinge staan binne die kader van die volk se ontrou aan God. Dit bring mee dat die *ruah* 'n hartgrondige lewensherskepping vir die volk bewerk. Hierdie lewegewende werk van die Heilige Gees word in die Bybel heel dikwels sigbaar in die besondere kragdade van God, naamlik die vermoë, die mag en die krag van God om iets te skep uit niks; om kinders te verwek waar alles daarteen spreek, geboorte te gee waar dit menslik onmoontlik is; om lewe te gee waar dood heers (Smit 2001:15). Die lewe skeppende krag van die *ruah* gee hoop vir die hooplose volk in 'n ballingskap situasie (Es. 37). Die Missionêre Diakonaat staan onder leiding van die Heilige Gees, dus nie oorweldig en hooploos voor die nood van die wêreld nie, maar as kanaal van die lewe skeppende krag van die Heilige Gees bring dit Hoop.

Die lig van die herskeppende werking van die *ruah* Jahwe skitter nie slegs op God se volk nie, maar ook aards op sy skepping. Dit is eksistensieel van aard, en het 'n kosmiese

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wydte. Daarom is die herlewing van die skepping 'n voorteken van die herskeppingsgebeure waardeur die *ruah* nuwe lewenskrag aan die volk sal gee. Die *ruah* as Jahwe se skeppende mag, het die kosmos geskep en sal daarom ook leweskeppend werk. Die woestyn sal 'n ruimte word waar mense in reg en vrede sal leef. Die paradys sal uiteindelik 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde word (vgl Jes 66:22 ) (Vos 1984:104).

Die *ruah* handel nie los of sonder Jahwe nie. Hieruit kan ons aflei dat die *ruah* Jahwe in aksie is. Daarom kan met reg gepraat word van die *ruah* as manifestasie van Jahwe se teenwoordigheid (Vos 1984:105-106).

## 3. DIE HEILIGE GEES IN DIE NUWE TESTAMENT

Van die begin van die Nuwe Testament af is Christus, deur konsepsie, woorde en werke ten nouste verbind aan die krag van die Gees. Hy word deur die Heilige Gees verwek. Die Gees is die Skepper van Jesus se menslike syn. "Die passiefvorm van die werkwoord *egenethe* (Matt 1:16) dui op die Pneumatiese handeling in die konsepsie" (Vos 1984:144).

Hy word gesalf met die Heilige Gees by sy doop. Wanneer Jesus na sy doop uit die water opkom, daal die Heilige Gees vanuit die hemel op Hom neer om Hom "verder" toe te rus vir sy bediening. Vol van die Heilige Gees (Luk 4:1) word Jesus die woestyn ingelei. Dit is juis die feit dat Hy vol van die Heilige Gees is en deur die Gees gelei word, dat die versoekings van die begin af tot mislukking gedoem is. Sy hele bediening staan in die krag van die Heilige Gees (Luk 4:14, 18, Matt 12:18). "Die beweging van die Gees wys daarop dat Jesus geheel en al onder die aandrang van die Gees verkeer. Die handeling van die Gees met Jesus (Mark 1:12) het 'n sterk binding aan die dinamiese kragwerking van die *ruah* in veral die optrede van die rigters. Die kragwerking van die *ruah* in die Ou Testament word nou deur die Gees ontplooi. Hy dra die gekome Messias deur sy taak" (Vos 1984:153).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Jesus se hele optrede wys dat Hy die Gees as Gawe ontvang het. Hy bereik die doel om die heerskappy van God te realiseer langs die weg van helende, helpende, selflose liefde (Vos 1984:159). In die lig hiervan is dit interessant dat die evangelies glad nie in die tyd van Jesus se aardse bediening enige iets sê oor die Heilige Gees se verhouding met die dissipels nie. Dit is Johannes wat ons aandag op die verhouding vestig. Wanneer dit vervul word in die kruisiging en die opstanding kan die dissipels "... enter into the new anointing of the Spirit through their identification with the risen Jesus" (Newbigin 1995:57).

Wanneer Jesus die dissipels in Joh. 20:21-22 uitstuur, blaas Hy oor hulle met die woorde: "Ontvang die Heilige Gees". Dieselfde Gees wat Jesus as gawe ontvang het, en wat die heerskappy van God laat realiseer het langs die weg van helende, helpende, selflose liefde, is die Gees wat Jesus aan die dissipels gee en wat in die gelowiges werk (Ef 1:19). Die bediening van die kerk, ook die Missionêre Diakonaat, word gedra deur die werking en die krag van die Heilige Gees. Dit is die Heilige Gees wat die nuwe lewensmoontlikheid skep en dit bevestig, daar word alleen van die kerk verwag om in gehoorsaamheid en afhanklikheid van die Heilige Gees te leef.

Jesus word, op grond van sy opstanding uit die dood, deur die Heilige Gees aangewys as die Seun van God wat met mag beklee is (Rom 1:4). In 1 Tim 3:16b word Christus na sy opstanding deur die Gees "geregverdig". Hier val die klem daarop dat die Heilige Gees die bevestiging gee dat Jesus Christus die Messias is. Laastens is dit die leweskeppende werk van die Gees wat in 1 Pet 3:18 op die voorgrond tree. Die leweskeppende werk staan teenoor die dood wat Christus getref het. Die Gees verklaar: Christus is die God van die lewe (vgl Vos 1984:166-175).

Die gelykvormigheid aan Christus se diens word by ons alleen bewerk deur die krag van die Heilige Gees. Deur die Gees het Christus geleer om van Homself af te sien en die offerweg te gaan (Heb 9:14). Die Gees leer ons ook om op die weg van diens te gaan. Met die krag van Christus oorwin Hy in ons die selfsug en die eie ek. Hy open ons oë om die nood raak te sien, en beweeg ons hart om ons gawes en ons lewe met noodlydendes te

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



deel. Wat God in die opsig in sy wette aan Israel leer, kry deur die Gees gestalte in die lewe van die gemeente. Hand 2 en 4 staan nie as 'n model wat ons moet kopiëer nie maar as 'n belofte. "Diakonaat is pneumatologisch: in de kracht van de Geest" (Koole 1991:46).

> But our Christian discipleship, personally and in the *communio* of our Church and individual institutes, is not merely reproduction: our life is not a backwards-oriented *sequela* but a "life in the Spirit"; it is a "spiritual life" that makes the *sequela* fruitful for today and helps prepare for tomorrow, i.e., it is always creative. Religious life is only genuine if it is lived out of remembrance and if its *memoria* is more than an intellectual process … In this perspective, the ultimate goal of Christian life is not simply discipleship, but a total permeation and shaping by the Spirit, which is always the Spirit of the Father, i.e., the continuing creator of the world and the cosmos. … But spiritual life is still nothing other than being highly sensitive to the presence of God's Spirit in us and in all culture, while at the same time working to counter some worldly spirits and all false gods (Schaluck 2000:40).

Dit is die Heilige Gees wat vir Christus in verhouding met God die Vader plaas – deur konsepsie, en in verhouding met die skepping en skepsels – deur die kruis en die opstanding. Die aard van die verhoudings waartoe die Gees Christus lei is diensverhoudings. Christus lewe in 'n diensverhouding van gehoorsaamheid aan die Vader sodat Hy (die Vader) geëer kan word. Netso plaas die Heilige Gees vir Christus in 'n diensverhouding tot die skepping en skepsels sodat ons gered kan word (Mark 10:45). Hieruit kan ons sekerlik aflei dat die Gees ook hierdie diensverhoudings in ons lewens sal werk. Die Heilige Gees bou verhoudings en verbind ons aan Christus en aan mekaar, soos duidelik blyk uit Hand 2. Wanneer die Gees uitgestort word, is daar ruimte vir die Here Jesus. Hierdie verbondenheid met Christus en met mekaar, deur die geloof, is geen abstrakte saak nie, maar kom konkreet tot openbaring in die "goedere gemeenskap" van die gemeente in Hand 2 & 4. Die gemeenskap is 'n delende gemeenskap (Noordegraaf 1991:51).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# 4. DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES

## 4.1 Inleiding

Die werk van die Heilige Gees bestaan baie duidelik uit twee aspekte, alhoewel dogmatici dit in verskillende terme beskryf. Heyns (1978:296-301) gebruik die terme die kosmologiese werk van die Gees, as voortsetting van die werk van die Vader, en die soteriologiese aspek van die werk van die Gees, as voortsetting van die werk van die Seun. Ons mag nie hierdie twee aspekte in 'n dualistiese sin verstaan nie, aangesien dit Een Gees is, is die werk ook een. Jonker omskryf die werk van die Heilige Gees met die terme algemene en besondere werk van die Gees. Onder die besondere werk van die Gees verstaan hy dan alles wat te make het met die totstandkoming van die ware kennis van God, die verlossing van sonde deur die geloof in Christus en die ontvangs van die ewige lewe (Dordtse Leerreëls 111/1V, 16-17). Hoewel Jonker die kosmiese werk van die Gees as sy algemene werk aandui, hou hy tereg daaraan vas dat die algemene genade 'n uitvloeisel van Christus se heilswerk is (vgl Vos 1984:36).

## 4.2 Die rol van die Heilige Gees in die Missionêre Diakonaat

Die rol van die Heilige Gees in die Missionêre Diakonaat verskil nie van die rol wat die Gees in die Kerk speel nie, dit is tog een en dieselfde Gees. As ons na die boek Handelinge kyk, dan is dit duidelik dat God se Gees, spesifiek 'n sending-Gees is wat alle grense oorsteek en mense in verhouding plaas met God. Kuitse (1993:107-109) wys daarop dat die Heilige Gees opnuut weer ontdek word in die kerk (vgl Van der Spuy 1996). Kuitse grond die stelling op die ontstaan en die ontwikkeling van die Pinkster-beweging aan die begin van die eeu, die invloed wat die beweging gehad het op die Rooms Katolieke, Protestantse en regdeur tot op die Charismatiese kerke. Verder wys hy op die Pinkster-beweging se sending as werk van die Gees, en dat die meeste mense wat aan die Pinkster-kerke behoort, gevind word in die sogenaamde twee-derde wêreld, spesifiek Latyns-Amerika en Afrika. Dit is opmerklik dat dit ook hier is waar die Christendom die vinnigste groei.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



McQuilkin (1997:22-31) wys op die volgende aktiwiteite van die Heilige Gees in die sending:

- Die Heilige Gees gee die Boodskap (2 Tim 3:16).

Die lewe, werk, dood en opstanding van Christus is *euangelion*, goeie nuus. Dit is die Heilige Gees wat die goeie nuus deur middel van sending verkondig. Dit is die Heilige Gees wat grense van taal, kultuur, ras en land oorsteek om die evangelie by mense te bring. Lukas fokus veral hierop as hy die dissipels se teleurgesteldheid en onsekerheid na Jesus se sterwe en opstanding beklemtoon. Die dissipels word nie as geloofshelde geteken nie, maar as swak kwesbare persone wat nie volgens hulle geloof optree in krisis oomblikke nie. Daarmee is dit duidelik dat sending nie 'n menslike aktiwiteit alleen is nie. Net na die dissipels aangestel is, is die eerste ding wat hulle moes doen om te wag vir die "gawe van die Vader", "die krag van bo" (Luk 24:49).

- Die Heilige Gees skep die metode: die Kerk (vgl Hand).

Pinkster was oorspronklik 'n oesfees, die fees van die weke (Eks 23:16; 34:22), die fees van die eerste vrugte. Die koms van die Gees is die begin van die oes, die vergadering van mense in 'n nuwe gemeenskap, die kerk. So word die Gees ook die "Eersteling" genoem (Rom 8:23). Die eerstelinge van die oes, wat aan die Here geoffer is, was deel van die oes en verteenwoordigend van die hele oes. Wanneer daar nou van die Gees gepraat word as "Eersteling" dui dit nie op nog 'n Gees wat moet kom nie, maar in die eerste plek op die realiteit van die verlossing wat alreeds in Hom gekom het. As "Eersteling" is Hy ook die waarborg van die volkome verlossing (Heyns 1978:292-294).

- Die Heilige Gees is die inisieerder van sending ondernemings.

Nadat Jesus opgevaar het na die hemel, moes die dissipels wag op die Heilige Gees. Sending begin deur te wag op die Heilige Gees, en dit laat geen ruimte vir menslike triomf nie. Handelinge begin met die vervulling van die belofte van die Gees in Lukas 24. Hand 1: 11 "Gallileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk?..." Die Gees wil ons nie uit hierdie wêreld uit wegneem nie, maar wil ons juis help om op die nood in hierdie wêreld te fokus (Joh 17:15). "The Great commission, as recorded by Luke in Acts 1:8, directly relates the work of worldwide witness to the promised coming of the Holy

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Spirit...in John 20:21-22 the sending is clearly linked with the reception of the Holy Spirit" (Hedlund 1991:191).

- Die Heilige Gees roep die boodskappers (vgl Hand 13).

Die Gees roep en lei die kerk. Die kerk in Jerusalem wou byvoorbeeld nie die evangelie verkondig aan "Judea en Samaria en tot aan die uithoeke van die aarde" nie (Hand 1:8). "Pentecost in that sense was prophetic of the entire missionary age of the church. The worldwide missionary spread of the gospel began from Pentecost. ... From Pentecost onward the church became obedient to the Great Commission. There is no evidence that the disciples attempted to carry out the Commission prior to Pentecost" (Hedlund 1991:195).

So gebruik die Heilige Gees die vervolging van die Christene in Jerusalem om die evangelie in Samaria (Hand 8:4-8) en Antiogië (Hand 11:19-25) te bring. In Hand 8:29 lees ons dat die Gees Filippus na die hofman van Etiopië stuur. Dit is die Heilige Gees wat in Hand 13:2 vir Paulus en Barnabas afsonder vir die werk onder die heidene. In Hand 16:6 lees ons dat Paulus sy planne moet verander, want die Heilige Gees lei hom na Europa. Voorwaar, waar die Heilige Gees werk, daar begin die kerk beweeg, Hy neem die inisiatief (Kuitse 1993:112-117).

- Die Heilige Gees bemagtig die boodskappers.

Dit is ook die Gees wat aan die kerk besondere gawes, charismata, in die vorm van persone en sekere vermoëns gee: apostels, profete, evangeliste, herders, leraars (Ef 4:11); maar ook wysheid, kennis, geloof (1 Kor 12:8); openbaring, profesie, lering, regering, diens, liefde (1 Kor 14:6, 12:28; 1 Kor 13). Die doel van die gawes is: die eer van God, die stigting van die gemeente, eie stigting, en as 'n boodskap vir die ongelowiges (Ef 4:11; 1 Kor 14:5, 22).

- Die Heilige Gees bevestig die Boodskap deur wondertekens (vgl Mark 16:20).

> Pentecost inaugurated the church's missionary movement. The speaking in tongues was a sign of the worldwide proclamation of the gospel to every tribe,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> tongue, and people. Whatever other "signs following", there must be this sign: the proclamation of the gospel among populations not knowing God in Christ (Hedlund 1991:198).

- Die Heilige Gees oortuig van sonde.

Die Gees oortuig die wêreld en die kerk van sonde, geregtigheid en oordeel (Joh 16:8) (Heyns 1978:291-302).

> Mission is not just church extension. It is something more costly and more revolutionary. It is the action of the Holy Spirit, who in his sovereign freedom both convicts the world (John 16:8-11) and leads the church toward the fullness of the truth that it has not yet grasped (John 16:12-15). Mission is not essentially an action by which the church puts forth its own power and wisdom to conquer the world around it; it is, rather, an action of God, putting forth the power of his Spirit to bring the universal work of Christ for the salvation of the world nearer to its completion (Newbigin 1991:60).

- Die Heilige Gees herskep sondaars.

"Mission is not something that the church does; it is something that is done by the Spirit, who is himself the witness, who changes both the world and the church, who always goes before the church in its missionary journey" (Newbigin 1995:56). Die kerk is die vrug van die werk van die Heilige Gees, naamlik die nuwe gemeenskap wat in 'n nuwe verhouding met mekaar staan (Amaladoss 2000:15). Daar is maar een liggaam en Een Gees (Ef 4:4). Dit maak die kerk 'n gemeenskap wat nie geïdentifiseer kan word met enige ander gemeenskap nie. Sosiologies kan die gemeenskap ook nie verklaar word nie. Die kerk is beide die vrug van die sending van die Gees, maar ook die instrument van die sending van die Gees. Want sending is nie net aktiwiteite nie, maar dit is ook om te wees. Hierdie nuwe identiteit trek mense (Hand 2:43-47) (Kuitse 1993:117-121).

'n Ander kenmerk van die werk van die Heilige Gees wat van belang is vir die studie, en waarna nie verwys is nie, is dat met die koms van die Heilige Gees ook 'n nuwe dimensie aan die *diakonia* van die kerk gegee is. Met die koms van die Gees op Pinksterdag het die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



barmhartigheidsdiens ook 'n duideliker omlyning gekry. In die gemeente werk die Gees koinoniale binding, die Gees wek 'n koinoniale verpligting en die Gees skenk die koinoniale leiding (De Klerk 1976:14-19). As ons die voorafgaande gedeelte oor die sending en die Heilige Gees saam lees met die barmhartigheidsdiens en die Heilige Gees, dan is dit opvallend dat wat barmhartigheid of diakonaat aanbetref, ons net praat in terme van die gemeente. Dit is natuurlik so dat die diakonaat op 'n besondere manier op die gemeente gerig is, daar waar reeds 'n koinonia bestaan. Maar dit is veral, wat die Missionêre Diakonaat aanbetref, belangrik dat ons duidelik sal toon dat die Gees ook vir die gemeente 'n gerigtheid gee op die wêreld. Ons aanvaar dat sending *Missio Dei* is, en ons aanvaar dat Jesus gekom het om te soek en te red die wat verlore is (Luk 19:10), en dat Hy nie gekom het om gedien te word nie, maar te dien. As ons verder aanvaar dat die Gees uitgaan van die Vader en van die Seun (Heyns 1978:291), en meer nog, dat die Gees geen eie boodskap het nie (Joh 16:13-15), dan is dit logies dat die Gees ook 'n gerigtheid op die wêreld gee, soos duidelik blyk uit Handelinge. Dit is in die herskepping van die mens deur die daad van wedergeboorte, wat die besondere werk van die Gees is, dat ons na buite gerig word.

Berkhof dui aan dat die Heilige Gees ook meer is as 'n bemiddelende mag,

> ... de keerzijde van Christus' werk. Hy wys dan die "meer" aan as: Hij schept een eigen wereld, een wereld van bekering, bevinding, heiliging; van tongen, profetieën, wonderen; van zending; van het opbouwen en leiden der kerk. Hij wijst ambtsdragers aan; hij organiseert; hij verlicht, inspireert en steunt. Hij doet voorbede voor de heiligen en help hen in hun zwakheid. Hij onderzoekt alles, selfs de diepten van God; hij leidt in alle waarheid; hij schenkt tal van gaven; hij overtuigt de wereld; hijverkondigt de dingen die komen zullen (Berkhof 1965:24).

'n Besonderse belangrike eienskap van die werking van die Gees is die feit dat die Heilige Gees ons bystaan in ons gebede (Rom 8:26), en dat Hy ons gebede aanneemlik maak vir God die Vader. Daar is reeds vroeër daarna verwys dat die Missionêre Diakonaat nie kan geskied sonder hierdie wesenlike aspek nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar was al baie vrae oor waar hoort sending nou eintlik tuis.

> Should it be part of Christology, ecclesiology, or eschatology? More and more in our day, mission is related to pneumatology. This is a result of the rediscovery of the Holy Spirit in church and theology. The pneumatological perspective on mission also does justice to the other three aspects: the Spirit is the Spirit of Christ (Rom 8:9), the Spirit creates the church (2 Cor 13:13), and the Spirit gathers the first fruits of the harvest (Rom 8:23) (Kuitse 1993:109).

Dit is duidelik dat die bediening van die kerk, ook die Missionêre Diakonaat, nooit losgemaak kan word van die pneumatologie nie. Want dit is die Gees wat in ons die nuwe lewe skep om ons lewens na buite te fokus. Dit is die Gees wat ons rig om met verwagting te leef, dat die volkome verlossing, wat ook 'n omvattende verlossing is, elke nuwe dag in die toekoms meer en meer waar sal word. Die Gees laat ons egter nie aan die werklikheid waarin ons leef, ontsnap nie. Byvoorbeeld, wanneer ons die kosmiese werk van die Gees verstaan as sy algemene werk, kan vanuit die Ou Testament aandag gegee word daaraan dat die *ruah* 'n mens toerus, dat hy met vaardigheid, insig en verstand enige werk kan verrig (Eks 35:31-33) en ook ander kan oplei om dit te doen. Hierdie is veral 'n belangrike punt vir die Missionêre Diakonaat, waar dikwels gekyk word na sake soos werkskepping of ontwikkeling, wat baie mense voel nie op die terrein van die sending of die kerk hoort nie. Dit lê juis op hierdie terrein, omdat dit die Heilige Gees is wat ons toerus en bekwaam maak, nie net om sekere werke te kan doen nie, maar ook om ander op te lei.

Netso vind ons in die Nuwe Testament dat die Gees ons nie losmaak van hierdie lewe nie, maar ons juis toerus om in hierdie lewe 'n verskil te maak en ons 'n beter toekoms te waarborg. Wanneer die dissipels vra of dit nou die tyd is dat die Koninkryk weer opgerig gaan word (Hand 1:6), dan sluit die antwoord beide 'n belofte en 'n waarskuwing in. Die waarskuwing is dat God nie gedwing kan word nie, Hy is eiemagtig (Hand 1:7). Die belofte is dat die dissipels nie dadelik die Koninkryk in sy volheid sal ontvang nie, maar die waarborg van die Koninkryk naamlik die teenwoordigheid van die Gees (Hand 1:8, 2 Kor 1:22, Ef 1:14). Die woord wat in die laaste twee gedeeltes gebruik word, is *arrabon.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit is 'n kommersiële woord wat gebruik word om 'n kontant deposito aan te dui as belofte vir die volle vereffening van die rekening. "The disciples are not promised the full victory of God's kingdom now; they are promised immediately the *arrabon* - the advance installment that will make them the living evidences of the reality that is promised" (Newbigin 1995:58).

Verder is dit duidelik uit die verhaal van Petrus en Cornelius dat sending nie net die wêreld verander nie, maar ook die kerk. Dit is die een Gees wat aan ons verskillende bedieninge gee; Hy is gerig op die een wêreld – al is ons geografies verdeeld; gerig op die een mensdom – al is ons demografies verdeeld; tot eer van die een God –Vader, Seun en Gees. Hierdie bedieninge is nie maar 'n paar los dade nie, maar is 'n diens wat vanuit die herskepte lewe van die gelowige voortkom.

> Als diakonaat geshiedt in de kracht van de Geest - die Gods liefde in Christus in ons doet wonen - zal ons offer ook niet alleen bestaan in gaven die losstaan van onszelf. Onze gaven dragen alleen het merk van Christus als we daarbij (naar de mate waarin ons dat mogelijk is) ook onszelf wille geven en de ontmoeting met de ander zoeken. Anders zouden we kunnen vallen onder het oordeel van 1 Corinthe 13:3 (Koole 1991:46).

Die Heilige Gees rig ons op die toekoms, en wanneer oor die Heilige Gees as eskatologiese gawe gepraat word, kan dit alleen gedoen word vanuit die pinkster gebeure. Pinksterdag is die teken dat die Heilige Gees dinamies-eskatologies werksaam is, met die oog op die voltooiing van die kosmiese herskeppingsgebeure. Dit is die vervulling van God se belofte. Iets hiervan word gesien met die spreek in tale op pinksterdag (Hand 2), wat 'n opheffing is van die verdeling wat by Babel plaasgevind het (Gen 11). In Christus is die heil eenmalig en effektief bewerk, maar die Heilige Gees is aan die werk om die heil voluit tot in sy volheid te voer. Dit is juis die inwoning van die Gees in die gelowiges en die syn van Christus in die gelowiges wat die nuwe skepping 'n werklikheid maak, die nuwe eskatologiese werklikheid. Daarom word die uitdrukkinge "die Gees van God woon in julle" (Rom 8:9) en "Christus (is) in julle" (Rom 8:10) as parallelle begrippe gebruik. Die Heilige Gees bemagtig ons nie alleen deur aan ons gawes te gee nie, Hy maak ons

ook heilig sodat die Missionêre Diakonaat niks anders as 'n stuk *missio Dei* kan en sal wees nie.